

**Goeie Maniere en Etiket**  
(Afrikaans thesis)

A thesis submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

**Antoinique van Staden**

**November 2015**



## Referaatopsomming

Hierdie tweetalige versameling kortverhale kombineer sprokieselemente met die van die Bizarro-genre, om die waardesisteem wat van kleins af deur my konserwatiewe Afrikaanse opvoeding by my ingeprent is, te ondersoek. Die vier eienskappe van die sprokie word deur Kate Bernheimer in haar baanbrekende opstel *Fairy tale is form, Form is fairy tale* uitgelê as:

'n onbetrokke verteller, abstraksie, instinktiewe logika en genormaliseerde towerkuns. Na

my mening is dié vier eienskappe ook op die Bizarro-genre van toepassing. Hierdie oorvleuling is sigbaar in Bernheimer se fiksie en ook onder andere Lucy Corin en Aimee

Bender s'n – skrywers wat my werk beïnvloed het.



## Inhoud

Pierewiet.....	9
Grietjie en Hansie.....	13
Om Bloubaard se vrou te wees.....	17
Gouelokkies word groot.....	21
Repelsteeltjie.....	23
Kinders.....	29
Gehoorsaamheid.....	35
Die lelike eendjie.....	39
Spieëltjie, spieëltjie.....	43
Die begrafnisondernemer.....	47
Hoe om 'n prinses te word.....	49
Die man en die maan.....	53
Geldliefde.....	55



## Erkenning

Die titel en alle aanhalings in skuinsdruk is uit *Goeie Maniere en Etiket* deur Emsie Schoeman (Human & Rousseau, 1981) geleen.

*Betoon liewer te veel respek as te min.*

## Pierewiet

Vir my negende verjaarsdag het ek 'n klein blou-en-grys budgie by my tannie gekry. Ma het gedink dat dit 'n baie goeie geskenk was want sy het in *Die Huisgenoot* geles dat troeteldiere kinders verantwoordelikheid leer. Ek was baie opgewonde oor my voëltjie vir wie ek woorde kon leer en wat op my skouer kon sit soos op 'n seerower s'n. Sy naam was Pierewiet en ek het vir hom 'n mooi hok met twee torings weerskante van 'n draad spitsdak uitgekies. Ek moes na Pierewiet kyk. Ek moes vir hom kos gee en sy hok oor die naweke skoonmaak. Dit was ook my werk om vir hom elke dag genoeg skoon water te gee.

'n Mens moet eers jou eie voëltjie hê voordat jy leer hoe dom hulle eintlik is. Ek het Pierewiet die woorde van Jan Pierewiet probeer leer, maar omdat hy so dom was het hy nooit verder as die eerste twee reëls gekom nie. Dag en nag het hy aangegaan *Jan Pierewiet, Jan Pierewiet*. Niks anders nie, net dit. Hy was 'n dom voël. Ek het hom ook van seerowers geleer, hoe hulle pappegaaie het wat op hulle skouers sit. Ek het vir hom prentjies van seerowers uit my groot storieboeke gewys en as ons saam televisie gekyk het, het ek hom van Sinbad en Kaptein Jack Sparrow vertel. Ek het Pierewiet gewys dat die pappegaaie van die seerowers op hulle skouers sit, maar elke keer as ek hom op my skouer gesit het, het hy weggevlieg. Maak nie saak hoeveel keer ek vir hom geskree het dat hy 'n slegte seerowerbudgie was nie, hy kon net nie leer om stil te sit nie.

Pa het my gewys hoe om sy vlerke te knip sodat hy nie meer kon wegvlieg nie. Daarna was dit my werk. Hy het my aangesê om versigtig te wees want as 'n mens die vlerkies te diep afsny, nie net die punte nie, sal dit bloei en die voëltjie seerkry. Elke keer as Pierewiet begin wegvlieg het, het ek sy vlerke vir hom geknip. Hy het baie gespartel en as ek sy vlerk wyd uitgetrek het, het hy my met sy bek geknyp. Ek het hom tussen my knieë vasgepen en met die kombuisskêr die punte afgesny. Die sagte grys vere het vloer toe geval en Pierewiet het vir dae daarna net in die hoek van sy hok gesit, vere opgepof, sy asemhaling aspris hard. As ek regtig kwaad was vir Pierewiet het ek per ongeluk sy vlerke dieper afgeknip. Hy het nie sy fluit gefluit nie en dan was hy weer seker wie die baas was. Selfs al het ek sy vlerke geknip, het hy nog steeds van my skouer afgeval en op die grond rondgefladder.

Party oggende het ek nie vir hom skoon water in sy hok gesit nie. Partykeer het ek ook nie vir hom skoon saad in sy hok gesit nie. Die leë doppies het 'n laag onder in die hok gemaak wat soos my oupa se koringlande geruik het. Stof en koring en suurstink. In die aande het ek 'n kombers oor sy hok gesit maar hy het net aangehou *Jan Pierewiet Jan Pierewiet*. Ek moes altyd dan eers sy hok met 'n stok slaan voordat hy sou stilbly. As ek onder die punt van die kombers ingekyk het, het hy in 'n hoekie gesit en hyg. Ek het nie daarvan gehou as

hy geraas het nie. Hoe meer ek vir hom ander woorde geskree het hoe meer het hy ge*Pierewiet Pierewiet*. Elke keer as ma my gevang het op hom skree of sy hok slaan het sy my die leviëte voorgelees. As sy my nie kon sien of hoor nie het ek hom 'n dom voël genoem.

Pierewiet het my elke keer geknyp as ek hom uit sy hok gehaal het, soms so hard dat ek gebloei het. Dan moes ek hom met my middelvinger op die bek skiet, herhaaldelik, tot hy skril geskree het. Ek het geweet as hy so skree, het hy geweet ek was sy baas. Ek het hom styf in my hand vasgehou, hom gedwing om my in die oë te kyk en hard in sy gesig geblaas. Hy het naderhand nie meer gespartel nie. Ek het hom terug in sy hok gesit as hy stil geraak het. Hy het altyd tog maar net weer in sy hoekie gaan sit en asemgehaal. Partykeer het hy homself so opgepof dat ek skaars sy bek of oë kon sien. Soms het hy ook net op sy een poot gestaan, asof hy my geterg het oor hy nie op my skouer wou sit nie. Ons het dan 'n speletjie gespeel waar ek hom bekruip het, hy het my nooit gesien kom nie. Ek het skielik sy hok geskud en hy het van sy stokkie afgeval. Dit was Pierewiet se gunsteling speletjie want hy het altyd maar weer later op sy stokkie gaan sit. Ma het altyd kom kyk hoe lekker ons twee saamspeel. Ek het mooi met Pierewiet gepraat en vir Ma 'n groot glimlag gegee. Ek het haar altyd vertel hoe lief ek vir Pierewiet was.

Saterdag moes ek sy hok skoonmaak en Sondag moes ek kerk toe gaan. Een Saterdagoggend moes ek weer Pierewiet se hok skoonmaak, ek was regtig nie baie lus nie. Dit was nie meer lekker om Pierewiet se baas te wees nie want ek moes alles vir hom doen maar hy het niks van die goed gedoen waarvoor ek gedroom het ons saam sou doen nie. Elke Saterdag was dit dieselfde. Ek het hom vloekend uit sy hok gehaal en hard op die tafel neergesit. Ma het nie van die saad in haar huis gehou nie, so ek moes die hok altyd buite skoonmaak. Ek het skoon koerantpapier onder in die hok gesit en die waterbak uitgegooi. Ek het die leë saaddoppies weggeblaas. 'n Bruin wolk van stof en voëlstront het opgestyg en verspreid oor die gras geval. Die nuwe saad het net na koring geruik, nog nie na Pierewiet nie.

Toe ek weer by die huis ingestap het, het ek Pierewiet op die grond gesien sit. Opgepof, kop diep in sy bors getrek. Toe ek my voet op hom neergesit het, was daar 'n sagte kraakgeluid. Daarna was dit vir 'n oomblik doodstil. Hy was so klein ek het hom amper nie eers onder my voet gevoel nie. Ek het op my knieë langs hom gaan sit. Hy het op sy sy gelê en daar was 'n dun straaltjie bloed wat by sy bek uitgeloop het. Sy bors was nog steeds opgepof maar dit het geklink asof sy neus toe was want hy het nie meer regtig asemgehaal nie. Dit het meer geklink of hy sy asem opgehou het. Sy kop het verwilderd rondgefladder. My ore het gesuis en ek kon voel hoe my hart in my keel sit. Ek het hom nie opgetel nie, ek het net

baie naby aan hom gegaan en hom met my duim en wysvinger gedwing om my weer in die oë te kyk. Ek het ma nie van buite af hoor inkom nie.

Ma het geselsend by die kombuis ingeloop. Sy het die ketel aangesit en toe ek nie dadelik antwoord toe sy my roep nie het sy my kom soek. Ek en Pierewiet was agter die kombuistafel en ma moes om die tafel loop om ons te sien. Toe sy Pierewiet daar sien lê het sy my verskrik gevra wat gebeur het. Sy het stadig langs my gaan sit en net aangehou praat. Sy het Pierewiet opgetel en liggies oor sy koppie gestreel, my belowe dat sy vir my 'n ander voëltjie sou gee. Sy het saggies met Pierewiet gepraat soos sy altyd met my gepraat het as ek siek was. Terwyl sy hom in haar hande gehou het, was dit asof ek 'n laaste sug gehoor het voordat sy bors glad nie weer geroer het nie. Pa het ook ingekom en vir ma aangesê om 'n ou skoenboks uit die kas te gaan haal.

Ek het gesê dit was 'n ongeluk, ek het hom nie gesien nie. Ek het hom op die tafel neergesit om die hok skoon te maak. Hy het afgeval, en ek het hom nie gesien nie. Ma het hom in die boks gesit en pa het vir ons begrafnis gehou. Ma het Psalm 23 gesing en my hand so styf vasgehou, die sweet het my laat jeuk. Pa het die skoon hokkie in die motorhuis gaan bêre.



## Grietjie en Hansie

Sy was skaars in die laerskool toe haar pa hulle in die stad gelos het. Hy het hulle in die middel van 'n besige straat laat stilstaan en hulle aangesê om daar te bly. Toe sy haar pa gevra het wanneer hy dan terug sou kom, het hy gemompel en sy hand in die lug gewaai. Sy het haar broertjie se hand styf vasgehou en gekyk hoe haar pa, strompelend tussend die mense verdwyn het. Haar broertjie het na haar opgekyk en sy het gevoel hoe daar trane agter haar oë brand. Hulle het eenkant toe gestaan want daar was orals mense wat in hulle vasgeloop het. Sy het geweet dat hulle in die pad was. Toe die mense minder begin word het en die son begin sak het, het sy besluit hulle moes maar loop. Sy het nie geweet waarnatoe hulle sou gaan nie en sy het nie geweet waar hulle huis was nie, maar sy het geweet dat hulle iewers moes soek om vir die aand te slaap. Haar pienk Barbie-prinses rugsakkie het haar skouers afgerem en haar broer se geneul het haar ore seergemaak. Eers nadat sy op hom geskree het, het hy saggies langs haar gesnik. Hulle het geloop en geloop tot sy seker was dat hulle net daar in die straat sou omkap. Die straatligte was reeds aan en die strate amper heeltemal leeg.

Vêr in die verte het sy helder ligte gesien. Die ligte het goud op die horison gebrand en sy het gehoop dat daar by die ligte vir hulle 'n plekkie sou wees om te slaap. Toe hulle uiteindelik voor die gebou met die helder ligte te staan gekom het, was daar 'n groot geel S bo die enorme glasdeure waaragter nog geel ligte gebrand het. Sy het gedink aan haar juffrou se plakkate met 'n slang om die letter S gekrul. Sy het ook die woord Hotel herken wat helder voorop die gebou gebrand het. Sy het geweet dat mense in hotelle slaap en het haar broertjie opgewonde aan sy arm by die marmertrappe opgesleep. Hy was baie moeg en het gesukkel om die groot trappe so vinnig soos sy uit te klim. Daar was 'n man wat die groot glasdeur vir hulle oopgemaak het. Sy klere was bloedrooi en hy het 'n snaakse ronde hoedjie op sy kop gehad. Hy het na hulle toe afgekyk maar daar was nie 'n glimlag op sy gesig nie.

Binne was daar 'n sagte mat en so baie liggies dat dit soos die vuurvliegies in haar feëtjieboek gelyk het. Daar was 'n groot ronde tafel met die mooiste blomme op en ook popspeel glasies waaruit mens water kon drink. Hulle was nog besig om te staar toe 'n groot man bulderend van agter 'n toonbank uitgestorm kom. Uit die hoek van haar oog kon sy die deurwag se rooi baadjie sien. Die kwaai man het nie 'n rooi baadjie en hoedjie gedra nie. Hy het 'n groot snor gehad wat sy lippe toegemaak het en sy baadjie was wit. Hy wou weet wat hulle in die hotel doen en sy het verduidelik dat hulle 'n plek nodig gehad het om te slaap. Sy het onthou dat mense in hotelle slaap. Die man het sy arms gevou en haar gevra hoe sy van plan was om vir die kamer te betaal. Sy het nie geweet dat geld nodig was

nie. Hulle het nie geld gehad nie. Die man het die rooi-baadjie-deurwag nader gewink en hom aanbeveel om hulle uit te gooi. Hy het nog steeds nie geglimlag nie en nog steeds na hulle toe afgekyk. Terwyl hy haar en haar broertjie elkeen aan 'n arm by die groot trappe afgesleep het, het hy nie 'n woord gesê nie, al het sy by hom gepleit. Hy het gekyk hoe hulle wegstap maar voor hulle by die hoek van die blok gekom het, het hy hulle vinnig ingehaal en haar 'n R10-noot in die hand gestop. Sy het die noot vir veiligheid in haar pantie gebêre.

Teen hierdie tyd van die nag was die maan al baie groot in die lug en dit het die strate in die mooiste silwer verander. Hulle het nog 'n hele ent verder gestap voordat hulle by 'n geroeste tuinhekkie gekom het. 'n Oranje hekkie wat half van sy skaniere af was, met 'n bordjie wat skeef gehang het. Die bordjie was in Engels en sy het nog nie Engels geles nie, maar daar was baie mense in die huis en daar was ligte en baie geraas. Sy het die hekkie versigtig oopgestoot en binne was die geraas so oorverdowend dat sy nie kon hoor wat die mense sê nie. Daar was mans met baarde wat hulle snaaks aangekyk het. Baie vrouens het met hulle probeer praat en na die deur gewys maar hulle het nie verstaan nie. Daar was een vrou in baie hoë skoene en 'n stywe rokkie en sy het hulle elkeen aan 'n arm weer buitentoe gesleep. Haar hare het baie woes om haar kop gestaan haar naels was baie lank en baie rooi. Sy het na rook geruik.

Buite het sy hulle gevra wat hulle daar gesoek het. Haar broertjie het deur trane gesmeek vir iets om te eet en 'n plek om te slaap. Die vrou het hulle op en af gekyk en aangesê om op die sypaadjie vir haar te wag. Hulle het op die sypaadjie gaan sit. Die straat was vuil en daar was baie stukkende glas en papiere en iets het na piepie geruik. Die vrou het teruggekom met 'n witbrood en 'n 2 liter Coke. Hulle wou dit dadelik verslind toe die vrou hulle beveel het om te voertsek, want dit was nie veilig vir kinders nie. Sy het met haar lang rooi naels deur haar hare gekam en hulle weer, skerper aangespreek. Sy het sigaratte voor by haar rok uitgehaal en ongeduldig een aangesteek. Haar stem het kwaaiër en kwaaiër geword en toe hulle nie na haar geluister het nie, het sy hulle weer van die sypaadjie af opgeruk en verder die straat af aangejaag. Elke keer as hulle na haar toe omgekyk het, het sy ongeduldig met haar hand beduie. Hulle het geloop en geloop totdat hulle nie meer die rooi-nael-vrou kon sien nie.

Haar broertjie het die koeldrank soos 'n klein katjie in sy arms geklem en sy het die witbrood gedra. Teen hierdie tyd was hulle so moeg hulle kon skaars hulle voete optel. Toe hulle regtig nie meer verder kon stap nie het hulle weer langs die pad gaan sit. Haar broertjie was teen hierdie tyd so moeg dat sy arms skaars die bottel kon vashou en hy het weer begin huil. Sy het ook nie verder geweet nie en moedeloos rondgekyk. Toe sien sy 'n uitweg: daar was 'n vrou in 'n kartonboks onder die brug. Sy het haar broertjie haastig

aangepor en hulle het na die vrou toe gestap. Die kartonboks-vrou het by 'n klein vuurtjie gesit. Sy het dadelik opgespring en hulle nadergewink. Hulle was te moeg om bang te wees en te honger om aan iets anders as hulle witbrood en coke te dink. Hulle het styf langs mekaar by die vuurtjie gaan sit. Die kartonboks-vrou het rustig met hulle gepraat en selfs vir hulle een van haar komberse gegee. Haar broertjie het vir die vrou van die koeldrank aangebied en alhoewel sy so honger was sy sou die hele brood alleen kon opeet, het sy geweet dat sy ook van die brood vir die vrou moes gee. Die vrou het vir hulle stories vertel en haar broertjie op haar skoot getel dat hy gemakliker kon slaap. Sy het onthou dat die man in die hotel gesê het dat mens moet betaal vir slaapplek en sy het die R10 uit haar pantie gehaal. Sy het dit vir die kartonboks-vrou gegee en met haar kop op haar rugsakkie gaan lê. Die kartonboks-vrou het rustig gesing terwyl hulle al hoe stadiger asemgehaal het.



## Om Bloubaard se vrou te wees

Die dag toe ek haar ontmoet het, het ek gedink dat ek nooit ooit weer na enigiets anders in my lewe sou smag nie. Sy was alles waaroor ek nog altyd gedroom het: sy was mooi, slim en passievol. Aan die begin het ek ure omgelê deur net na haar te staar terwyl sy geslaap het. Haar sagte asemhaling het my vlinders op my maag gegee en ek kon amper nie wag om haar my vrou te maak nie. Ek het haar na 'n warrelwindromanse om haar hand gevra en sy het deur 'n stroom trane en giggels vir my onmiddelik ja gesê. Ons het binne ses maande die troue gereël en daarna vir twee maande deur Europa getoer. Haar oë het net aangehou glinster en ek onthou nie 'n enkele dag wat sy nie gelag het nie. Ons het toeriste-foto's op al die belangrike plekke geneem en in die aande in ons hotel oor en oor man en vrou geword. Terug by die huis het ons 'n ou, afgeleefde huis gekoop. Ons sou stelselmatig self die plek regmaak. Sy het baie van selfdoenprojekte gehou en geleef vir houtwerk en binnehuiseversiering. In die aande as ek van die werk afgekome het, het ons saam op die stoep gesit en whiskey in die hand, het sy my met stories uit haar kinderdae vermaak. Die het gevoel asof ons vir die res van ons lewens op 'n wittebrood sou wees.

Maar die wittebrood eindig tog maar die een of ander tyd. Voor ons tweede huweliksherdenking al was sy nie meer genoeg nie. Haar stories het my begin irriteer want ek het hulle teen daardie tyd al almal gehoor. Haar asemhaling was oorverdowend hard en ek was moeg daarvoor om in 'n huis te bly wat net nooit klaargekom het nie. Nadat sy oor my laataande by die werk begin neul het, het ek my werk huistoe gebring en saam met haar voor die televisie gesit en werk. Maar dit was ook nie goed genoeg nie en sy het daarvoor ook gekla. As oplossing vir hierdie klag het ek maar in die aande gewerk as sy gaan slaap het. Teen hierdie tyd het ons amper nooit meer seks gehad nie en sy het net vetter en vetter geword. Ek was ook nie meer my gespierde self nie, maar dit was al asof sy opgegee het. In die stil oomblikke by die werk het ek aan haar gedink, my hande om haar nek en haar lyf rukkend onder myne. Ander kere was sy 'n lappop waarmee ek kon maak net wat ek wou.

Dit was haar idee om iemand te gaan sien en dié het vir ons kommunikasie-oefeninge gegee om te doen. Sy het weer haar hardloopskoene aangetrek en in die oggende natgesweet ontbyt gemaak. Ek het probeer om soveel moontlik van my werk deur die dag gedoen te kry sodat ons in die aande weer saam kon gaan slaap. Die eerste keer wat ons weer seks gehad het, was nie soos om fiets te ry nie. Die vuurwerke wat ons met die wittebrood ervaar het was weg. Haar tergerey het my net irriteer en ek kon nie help om haar na die tyd te kritiseer nie. Daarna het ek fout gevind met alles en haar gekweste uitdrukkings was so na aan my drome as wat ek kon kom. Sy het gedink kinders sou vir ons 'n tweede kans

bring, maar selfs na vrugbaarheidsklinieke en alternatiewe medisyne was sy nie swanger nie. Dit was net nog een van haar talle mislukkings. Sy het my met verwyte aangekyk elke keer as ek opmerkings oor ander kinders gemaak het. Sy het meer en meer in haarself getrek en teen hierdie tyd het ons glad nie meer aan mekaar gevat nie. Ek het haar skaars in die oggende gegroet voor ek werk toe gegaan het en as sy haarself kon verwerdig om op te staan het sy gebrande roosterbrood voor my neergegooi as ontbyt. Ek het altyd met 'n baie sarkastiese glimlag gemaak of dit die beste ontbyt in die wêreld was. Sy het selfs eenkeer haar koffie in my gesig gegooi. Ek het geweet sy wou hê ek moes reageer, maar 'n mens kan nie altyd kry wat jy wil hê nie.

Sy het in my studeerkamer begin rondkrap, beskuldigings van ander vrouens na my toe geslinger. Ons kommunikasie-oefeninge het in wedersydse skree-gevegte ontaard. My dagdrome het meer en meer intens geword, die verskeie maniere hoe ek haar sou kon stilmaak soos 'n lafenis. Sy het my by die huis aanhou uittart. Sy het my uitgelok om haar seer te maak, my met haar woorde gekoggel. Die stilte waarmee ek haar telkens teengestaan het, was vir haar die grootste frustrasie. Ek het geweet ons huwelik was verby, maar egskeiding is nooit 'n opsie nie.



*Dis lewensbelangrik om belang te stel in die welsyn van ander mense.*

## Gouelokkies word groot

Sy staan elke oggend voor sonsopkoms op. Terwyl sy in die skerp geel lig van die badkamer haar tande borsel, neem sy kennis van al die nuwe plooitjies en enkele grys hare tussen die goud. Sy trek stil-stil aan en kam haar lang, goue lokke tot dit blinkglad oor haar skouers val, voor sy dit bymekaar vat en in 'n hoë, stywe poniestert op haar kop vasbind. Daarna sit sy weer die badkamer lig af en loop kombuis toe. Die hele huis is stil, die oomblikke voor die son se strale die aarde begin verwarm, vir haar altyd die koudste en die lekkerste. 'n Haan kraai en die eerste motors jaag in die straat af, haastig om die werksdag agter die rug te kry om maar vanaand weer terug te kom en môre weer te jaag. Voordat sy die brood begin knie, sit sy solank die mieliepap op die stoof. Soos sy ritmies haar vuiste in die koue deeg laat sak, dink sy aan al die jare wat sy al in hierdie klein huisie bly. Al die jare wat sy in die geel lig van die badkamer opstaan en aantrek, in die vroeë oggendstilte die kombuis vir die dag regkry.

Die mieliepap prut verwoed en sy sit die stoofplaat laer. Sy maak die gekniede brooddeeg met 'n nat katoenlap toe. Die harde klik van die ketel se kragknoppie laat haar aan 'n gewerskoot dink. Sy drink haar koppie oggendtee. Terwyl sy vir die brood wag om te rys, vleg sy haar lang lokke en draai dit om en om in 'n bolla. Wanneer die lap bol begin staan, knie sy die deeg 'n laaste keer af. Die halfgemaakte bolla val los en haar vlegsels begin ontrafel. Die afgekniede brooddeeg is genoeg vir ses gebotterde broodpanne. Die oond stoot warm bolle stoom uit as sy die deur oopmaak om die brood in te sit. Die brood vat 45 minute om te bak en sy draai die tydhouer se knoppie met ge oefende akkuraatheid. Sy haal die gaar mieliepap van die stoof af en dek die tafel met drie papborde. Sy haal die aand se vleis, beesblad, uit die vrieskas en sit dit in 'n skottel in die wasbak. Daarna maak sy drie stomende bekers koffie en gaan maak hulle een vir een wakker. Terwyl hulle aantrek vir die dag skep sy die pap op, een teelepels botter en suiker en 'n klein bietjie melk in elkeen. Hulle eet hulle pap en sy pak hulle middagetes vir die dag in. Drie toebroodjies, drie appels en drie sjokoladestafies. Die brood kom warm en bruinegebak uit die oond.

Na ontbyt is die huis stil. Sy dek die tafel af, was die vuil borde en verpak die warm brode in waspapier. Een brood vir die huis en vyf vir die skool af in die pad. Sy stap elke oggend met haar mandjie vol brode tot by die skool, kyk hoe die kinders in rye klas toe stap en lewer dan haar brode aan die snoepie-tannie af. Dan stap sy hoekkafee toe en koop 'n twee liter melk. Terug by die huis stof sy af, dek die tafel vir aandete en sit 'n bondel wasgoed in die masjien. Na sy die beddens opgemaak het, die een te hard, die ander een te sag en die derde een net reg, maak sy eers vir haarself nog 'n koppie tee. Vir middagete eet sy twee gesondheidsbeskuitjies. Terwyl sy haar tee klaar drink luister sy na die straatgeluide. 'n Kar

wat verbyjaag, die kinders wat gillend in die straat af hardloop, 'n hadeda wat iewers skree. Sy blaai deur een van haar tydskrifte en verkyk haar aan die modelle se blonde lokke, nie so goud soos haar eie nie, meer wit. Nie grys nie, net sprokieswit asof hekse dit getoor het. As sy gaan piepie oefen sy haar modelgesig in die spieël.

Haar middagroetine bestaan uit wasgoed in die droër sit, dit maak die strykwerk minder, en groente kerf. As die kos in die oond is, beesblad in 'n erdepot met wortels, uie en aartappels, loop sy buitentoe. Sy trek haar plastiek tuinskoene aan en spuit die rose nat. Nadat sy die bossies uitgetrek en al die ryp suurlemoene gepluk het, gaan sit sy op die voorstoep en wag vir hulle om huis toe te kom. Sy speel met haar hare en probeer om die gesplete punte te tel. Partykeer sit sy die poniestert se punt in haar mond net om die chemiese smaak van nagmaakte aarbeie te proe. Hulle kom elke dag rondom dieselfde tyd by die huis. Gooi alles neer, gaan sit by die eetkamertafel. Hulle kyk afwagting na die leë borde voor hulle en die warm kospotte. Sy verdeel die kos eweredig. Almal vat hande en bid: *Seën Vader wat ons eet, die hande wat dit voorberei het en maak ons altyd opreg dankbaar. Amen.* Hulle smul en sy eet ritmiets saam met die kombuishorlosie se getik-tik. Terwyl sy die skottelgoed was en die kombuis skoonmaak vir die herhaal van môre, kyk hulle televisie.

Nadat elke oppervlak weer blink, pak sy die brood se bestanddele reg voor sy die kombuislig afsit, hulle groet en na haar kamer toe gaan. In die badkamer borsel sy haar tande en kyk weer vir haarself in die geel lig. Sy kam haar hare nadat sy haar slaapklere aangetrek het. As die hele huis donker en stil is, laat sy haar hande oor haar lyf speel. Voordat sy in ekstase sug, begin die skuldgevoelens wat haar vir dae lank dwing om die brood met meer drif te knie.

## Repelsteeltjie

Die volgende dag was Lentedag. Ek het weke lank gewag om my ma te vra, want sy was baie besig met rokke maak en huiswerk en kerk. Sy het elke aand moeg agter haar masjien gaan sit en my ongeduldig aangesê om bed toe te gaan. Ek het geweet dat sy nie vir my sou nee sê nie, ek het net nie daarvan gehou as sy haar oë, sugtend, met haar duim en middelvinger geknyp het nie. Dan het haar skouers vir my nog krommer gelyk en haar vel gryser in die sagte lig van die naaldwerkmasjien. Die aand voor Lentedag moes ek haar vir my nuwe rok vra maar ek het gewag tot na ek die skottelgoed gewas het en die kombuis skoongemaak het.

Lentedag was diè dag in die jaar waaroor almal maande voor die tyd begin praat het. Al die meisies het met notaboekies rondgeloop waarin hulle die beplanning vir hulle rokke gedoen het. Waarin hulle foto's uit tydskrifte geplak het met verskillende haarstyle en rokke. Daar was altyd 'n skoonheidskompetisie op Lentedag. Jy kon net deelneem as jou klasmaats gedink het jy was mooi genoeg en vir jou gestem het. Almal sou spog oor hoe hulle rokke die meeste aandag sou trek. Ek wou ook deel wees van die praatjies en spoggerij en het aan hulle almal vertel hoe my ma die mooiste klere in die land kon maak. My ma was so goed dat sy rokke kon maak uit regte goud of silwer. Almal het my net stil aangekyk en dan weggestap om iewers anders in mekaar se boekies te kyk. Ek het dan maar na 'n ander groepie gegaan en hulle van my ma se towerkuns vertel. Almal het vir my gelag en dan met opset na my huisklere verwys as gemors eerder as goud en silwer. My ma het altyd my klere gemaak. Ek het vir haar prentjies uit *Die Huisgenoot* gewys, dan het sy vir my dieselfde klere gemaak. Eenkeer het sy vir my 'n blommetjiesbroek gemaak en dit was mooier as die prentjie.

Ek wou graag 'n sneeurok vir die Lentedag hê. 'n Spierwit, sagte donsrok wat sou skitter as ek in die son staan. Ek het maande lank prentjies uit boeke van sprokieskastele omring deur sneeu bymekaar gemaak. Ek het vir almal my notaboekie probeer wys, maar hulle het gesê Suid-Afrika was te warm vir sneeu. Susan het elke jaar die kompetisie gewen want haar ma het net die beste materiaal gekoop en sy het iemand betaal om die rokke te maak. Die vorige jaar het sy met 'n rok opgedaag wat soos spookasem gelyk het. Die sagste lap wat in bondels om haar geval het. Mens kon nie haar voete sien nie en dit het gelyk of Susan op 'n wolk sweef. Susan was die mooiste meisie in die skool. Al die seuns wou haar tas vir haar dra en haar hand vashou. Sy was ryk genoeg om pienk lipstiffie te hê maar die juffrouens het haar altyd badkamer toe gestuur om dit af te was. Sy het maar net weer in pouse nog aangesit.

Ek het probeer om vir Susan van my rok te vertel, haar my prentjies te wys, maar sy het my net op die grond gestamp en gesê “Ek praat nie met weeskinders nie”. Toe ek aan haar verduidelik het dat ek nie 'n weeskind was nie en dat my ma vir my die mooiste sneeurok sou maak wat hulle nog ooit gesien het, het Susan hard gelag. Sy het my notaboekie uit my hande geruk en dit in die asblik gegooi. Ek moes die boekie versigtig uithaal want daar was piesangskille en ou brood in die asblik. Dit het vir my gevoel die hele skool was daar want van toe af het almal my weeskind genoem.

Daardie middag toe ek huistoe gestap het, het daar 'n klein mannetjie vir my in die pad gewag. Hy was korter as ek, maar baie ouer. Sy knobbelneus het 'n groot bruin moesie opgehad en sy skoene het gate in gehad, waardeur sy vuil bruin toonnaels vir my geloer het. Hy het nie baie lekker geruik nie. Hy het geweet dat ek 'n sneeurok wou hê, 'n sagte donsige rok om die kompetisie mee te wen. Hy het my hand in sy skurwes gevat en my belowe dat hy die rok vir my sou kon gee en dat dit die mooiste rok in die skool sou wees. Al wat ek vir hom moes doen was om aan hom my pantie te wys. Ek moes net my romp ophang, dit is regverdige betaling het hy gesê. Ek onthou die dag toe ma my 'n pakslae gegee het oor ek kaal in die tuin gespeel het. Sy was ook ongelukkig toe ek vir die mense by die kerk my nuwe pantie gewys het. Ek was bang om weer pakslae te kry en my ma het nie daarvan gehou as ek geskenke by vreemde mense gevat het nie, sy het altyd gesê dat al was ons arm, het sy darem nog haar trots gehad. Toe ek van hom weggehardloop het, het hy my belowe dat hy my weer sou sien. Ek het al die pad huistoe gehardloop.

Ek het aan my ma my notaboekie, wat nou na vrot piesang en suurbrood geruik het, gewys. Ek het haar opgewonde vertel van my idee vir 'n sneeurok wat sag en donsig om my sou val en as ek in die son sou staan, dan sou elke sneeuflakke soos 'n diamant blink. Ek het belowe om haar te help met enige iets wat sy wou hê. Ek het haar nie van die vreemde mannetjie vertel nie. My ma het die boekie in haar hande gehou en ek kon die tranes in haar oë sien. Sy het my belowe dat sy vir my 'n rok sou maak, maar sy kon nie 'n sneeurok maak nie. My stem het het skiller geword hoe meer ek aan haar verduidelik het dat ek aan die hele skool vertel het van my sneeurok, dat almal die volgende dag vir my sou lag en dat ek nie met 'n gewone rok die kompetisie teen Susan sou kon wen nie. Ek het teen hierdie tyd ook gehuil en ma het my ferm bed toe gestuur. My aangesê, vir die soveelste keer, om te bid vir al die stories wat ek so oor jou. Ek moes vra vir beskerming teen die duiwel, want die duiwel word uit stories gebore.

Ek het my deur aspris hard agter my toegeslaan. Ek het maar gaan slaap en geweet dat ek die volgende dag nie my sneeurok sou aantrek nie. Almal sou my weer weeskind noem en my rok sou die lelikste in die skool wees. Ek het nie gebid nie, want al die ander kere wat ek

vir iets gebid het, het dit nie gebeur nie. Ek het nooit gekry wat ek wou hê nie. Susan se kekkellag het in my nagmerries verander daardie aand. Haar pienk lipstiffie het my hele kamer oorgeneem.

Die volgende oggend het daar 'n spierwit katoenrokkie met 'n rooi strik teen my kas se deur gehang. My ma het afwagtend, moeg, in my kamer se deur gestaan. Dit was nie 'n sneeurok nie, net 'n gewone huisrok, soos al die ander in my kas. Ek het eerder met my skoolklere Lentedag toe gegaan. Ek het vir almal vertel dat die rok gesmelt het. Hulle het mos self geweet Suid-Afrika was te warm vir sneeu.

\*\*\*

Toe ek haar die eerste keer hoor lieg het, het ek geweet dat dit my kans sou wees. Hoe meer ek na haar geluister het, hoe meer ek geweet sy sou enige iets doen vir hierdie rok wat sy begeer het. Dit gee my groot plesier as mense so aanhou lieg en storietjies vertel en die waarheid aandik. Dan kan hulle nie anders as om my uitweg te volg as ek hulle die dag in 'n hoek druk nie. Sy het aangehou stories vertel oor haar ma wat kwansuis rokke uit goud, silwer en sneeu kon maak. Ek kon nie help om te glimlag elke keer as die net om haar stywer en stywer gespan het nie. Dae lank het ek haar agtervolg, haar gesprekke afgeluister, haar pogings om deel te wees van die ander se opgewondenheid was meer en meer pateties. Hulle het bo-oor haar geloop en sy het dit maar net gevat, in die grond vertrap gelê. Nie vir 'n oomblik het sy aan haar ma getwyfel nie. Teleurstelling bly maar my gunsteling wapen.

Die dag toe 'n ander kind haar gestamp het omdat die kind haar nie geglo het nie, het ek geweet sy was desperaat genoeg om nie van my af weg te hardloop nie. Sy het die heelyd met 'n klein swart notaboekie rondgeloop en nadat die ander kind dit in die asblik gegooi het, het sy, neus gekreukel, deur die gemors gesoek totdat sy dit tussen duim en voorvinger uitgehaal het. Ek het lekker gelag. Mense se desperaatheid vir aardse goed help my om aan die lewe te bly. Ek het geweet haar ma kon natuurlik nie 'n sneeurok sonder my hulp maak nie. Ek het onder 'n boom langs die pad wat sy moes huistoe loop vir haar gaan sit en wag.

Sy het nie eers geskrik toe ek haar voorgekeer het nie. Ek het haar belowe dat ek vir haar die sneeurok sou gee wat ek geweet het haar ma nie sou kon maak nie. En ek het haar maar 'n klein ou gunsie vir my dienste gevra. Ek is 'n regverdige mannetjie, ek vra net regverdige betaling vir 'n sneeurok. Sy het haar kop beslis gekud en my verseker haar ma sou vir haar die rok kon maak. Haar hand was pofferig gesweet in myne, die sagte

onskuldige vel soos 'n asem teen my eie. Ek het nie gedink sy sou weghardloop nie. Ek het maar agter haar aangeloop na haar huistoe en onder die sitkamervenster gaan wag tot sy later die aand haar ma vir die rok sou moes vra.

Ek het geweet die ma kon nie die rok sonder my maak nie en nadat sy die kind omtrent met die Bybel bed toe gejaag het, het ek bollemakiesie geslaan en voor haar deur gaan wag. Die ma was oud en nie regtig my gewone tipe nie, die kreukels in haar gesig en vlekke op haar hande het my effens afgesit, maar nou ja, hierdie keer het die jongetjie nie aan my aas gebyt nie. Ek moes nou maar die vis vat wat ek kon kry. Die aand was nog jonk en ek het my kans afgewag totdat ek kon sien die kind se kamerlig was af. Ek het saggies aan die deur geklop en die ou ma het dit versigtig oopgemaak.

Ek het sommer met die deur in die huis geval en haar dilemma dadelik vir haar duidelik uitgespel. Die ma het verskrik eenkant toe gestaan. Sy het my agterdogtig aangekyk. Ek is nie een vir doekies omdraai nie, so ek het haar keuses vir haar genoem. Sy kon aan my vereistes voldoen en seker maak haar kind het 'n sneurok die volgende dag, of sy kon nee sê. Ek het haar gewaarsku dat as sy nee sou sê, haar dogter haar uit teleurstelling die res van haar lewe sou verwyf. Kinders kan so wreed wees, het ek haar probeer oortuig. So al wat sy moes doen was net om daar te lê en in 'n japtrap het ek al haar probleme vir haar opgelos.

Sy het met haar hand voor haar mond gestaan. Sy het lank na my gestaar sonder om enige reaksie te toon. Ek was al besig om my broek af te trek toe staan sy nog steeds daar soos Lot se vrou. Sy het darem al 'n kind gehad, dit was nie asof dit 'n kwessie van lewe of dood was nie. Sy het haar kop geskud en saggies geprewel dat sy nie dit kon doen nie. Geen sneurok was die verlies van haar waardes werd nie. Hoe sou sy met 'n skoon gewete haar kind kon skool toe stuur as sy haarself so aan my verkoop? Ek het vir haar gelag en haar belowe dat sy dit sou berou. Haar dogter sou nooit verstaan en haar nooit vir die vernedering vergewe nie. Sy het erken dat dit 'n kans was wat sy sou moes waag, bloed is dikker as water en vir leuens is daar altyd nagevolge. So asof ek dit nie geweet het nie.

Sy het my broek om die enkels by die huis uitgegooi. Met die toeslaan van die voordeur het ek nog vir haar geskree dat haar dogter nooit weer lief sou wees vir haar nie. Ek ken teleurstelling, dit voel altyd soos verraad. Die volgende oggend het ek my verlustig toe ek sien hoe die kind, skoolklere en al, probeer om die ander te oorreed dat haar ma wel die rok gemaak het. Die ou preutse koek het dit verdien om haar kind te verloor. Ek het uit my maag gelag vir die dom vrou se jare van teenspoed wat nog sou kom. Laat sy maar snags met die Bybel gaan slaap, haar kind sou nie meer lank hare wees nie. Ek het die kraak in die

kind se stem gehoor, nog voor sy self bewus was van die swart gat wat besig was om in haar hart te groei.

\*\*\*

Hy het vir my gesê dat hy lief was vir my. Ons sou eendag trou en vir altyd en gelukkig saamleef. Toe my maag bult begin staan het, het almal agter hulle hande gefluister. Die dominee het vir my gebid. Alles het verkeerd geloop want ek het van die verbode vrugte buite die goedkeuring van 'n huwelik geniet. Dit was my eie skuld maar ek moes net om vergifnis vra dan sou God my vergewe. Ek het elke aand op my knieë gesmeek maar sy is later gebore en ek kon net 'n klein huisie by 'n gawe oom en tannie huur. Ek het haar alleen grootgemaak want hy het nooit ooit weer teruggekom nie. Elke aand het ek saam met haar voor haar bedjie gekniel en probeer om die waardes van God vir haar te leer.

Sy het van kleins af stories opgemaak. Niemand was bekommerd daarvoor nie, sy het 'n aktiewe verbeelding, het almal maar gesê. Ek het in kinderboeke en tydskrifte gelees dat kinders stories vertel as deel van hulle ontwikkeling. Ek het haar altyd gevra om my net die waarheid te vertel sonder al die stories, maar sy was liewer daarvoor om in haar droomwêreld as in hierdie wêreld te bly. Sy het aan feëties en kabouters wat onder die lemoenboom agter in die erf gebly het geglo eerder as om haar Sondagskool huiswerk te doen. Sy het aan die dominee verduidelik sy kan nie glo 'n vis kan 'n mens eet en dan nie glo dat haar wense alles waar sal word nie. Hy het vir haar gebid en my getug oor ek in my ouerskap gefaal het. Die Bybel verbied enige towerkragte want net die duivel kan verantwoordelik daarvoor wees. God verrig wonderwerke, nie towerkunsies nie.

Ek het nie met skool klaargemaak nie, maar ek kon myself onderhou deur die naaldwerk wat my ma my van kleins af geleer het. Party aande as ek voor die masjien gesit het, alleen met net die nagstilte vir geselskap, het ek aan hom gedink en die plekke wat sy hande ontdek het. In daai oomblikke kon ek amper weer sy lyf bo-op myne voel, het ek onthou hoe ek myself heeltemal in hom verloor het. Die duivel het my in die versoeking kom lei, dan moes ek maar weer bid vir my siel. Die verlange na hom kon ek nie wegbid nie. Op daardie aande kon ek soveel rokke maak as wat ek wou, die frustrasie het dae lank aan my bly knaag.

Sy het op 'n druppel water na haar pa gelyk. Die manier hoe sy gepraat het, haar stoute glimlag as sy 'n koekie agter my rug gevat het, haar uitbundige lag was daagliks 'n foltering. Ek sou alles gee vir haar en nog meer, maar haar versoeke het net meer en meer onmoontlik geword. Ek moes my sente vyf keer omdraai om haar skool toe te stuur en dan

nog kos ook op die tafel te hê. Haar sprokiesboeke was haar gunsteling en met elke verjaarsdag het ek toegegee en vir haar nog een gekoop. Sy het my gehelp om die klere vir my bestellings in die aande uit te sny, nadat haar huiswerk klaar was, en dan altyd met afwagting gewonder of die kabouters weer deur die nag al die rokke sou kom klaarmaak. Ek het elke keer aan haar verduidelik dat dit nie kabouters was nie, maar ek. Ek het deur die nag gewerk, sprokies is net vir haar boeke bedoel. Ek het haar van my moeë hande en af rug vertel. Sy het haar arms om my nek gegooi en met 'n soen my weer oorreed dat dit net towerkrag was wat al die klere so vinnig kon klaarmaak. Sy het nie regtig omgegee wie die towerkrag besit het nie.

Een middag toe ek van 'n aflewering af teruggekom het, het ek haar kaalgat agter in die tuin gekry. Ek kon haar skaterlag al die pad af in die straat hoor. Toe ek haar so sien, gelukkig en vry, het ek vir 'n oomblik vergeet hoe dit voel om soos 'n gevangene aan klere gekluister te wees. Ek het geglimlag en toe oorweldig al die skuldgevoelens my weer. Ek het haar dadelik aan haar arm teruggeruk huis toe. Sy het in een van haar boeke gesien dat feëtjies nie klere dra nie, sy wou net ook 'n feëtjie wees. Haar klein lyfie het geruk van verdriet oor ek so lelik met haar geraas het. Ek moes haar daardie dag leer van ordentlikheid en die verderf en die geveg om die behoud van 'n mens se siel. Ek moes op my kind se drome trap want sy kon nie 'n feëtjie wees nie. Sy kon ook nie dieselfde foute as ek maak nie. Van daardie dag af was sy skaam oor haar lyf, het sy selfbewus probeer om haar nuutgevormde borsies plat te druk en weg te steek. Sy wou nie weer saam my bid nie.

Die aand toe sy met haar sneeurok idee na my toegekom het, want sneeu is wit en wit is rein en goed en God sal ook daarvan hou, moes ek my kind weer aan die werklikheid van die lewe blootstel. Ek moes haar weer terugruk na hierdie wêreld toe, haar laat wakker skrik want dit is onmoontlik om sneeurokke te maak. Toe sy woedend weggestorm het, was daar 'n klop aan my deur. Die duiwel het buite gestaan en my weer probeer verlei. Hy sou vir my 'n sneeurok gee. Hoe meer hy gepraat het, hoe swakker het dit vir my gevoel my bene word. Hoe kon ek vir haar 'n sneeurok gee? Hoe kon ek weer my lyf verkoop vir die wêreldse plesiertjies wat ek haar teen probeer beskerm?

Toe ek die mannetjie by die deur uitgeboender het, het ek 'n spierwit stukkie lap uit die kas gehaal en dadelik begin. Ek het vir haar 'n rok tot op die grond gemaak met wit pofmoue en 'n wye uitskopromp. Ek het 'n breë rooi strik om die middellyf vasgewerk. Die volgende oggend toe ek die hane hoor kraai het, het ek die katoenrokkie teen haar kasdeur gaan hang.

## Kinders

Ek wou hulle nooit gehad het nie. Maar hy het vir jare aanhou neul, pleit en naderhand dreig tot ek hulle binne my kon voel woel. Daar was twee. Vir nege maande het hulle binne my gegroei, groter en groter. Ek het nagmerries gehad, amper elke aand van ysblou oë wat my orals volg. Aan die begin toe ek uitgevind het, het ek lank daaroor gedink om van hulle ontslae te raak. Maar jare se goeie maniere en die regte ding doen wat ingepreek, ingeslaan en ingewerk is deur bedopmaak en skottelgoed was, het my gekeer elke keer as ek die nommer vir 'n aborsiekliniek wou bel. Die Dominee wat oor my toring en “MOORD” op my afskree het my telkemale in 'n koue sweet laat wakker skrik. Ek het passiewelik aanhou om my wyn te drink en aspris vinniger geloop en redes gesoek om te val, maar hulle het vasgeklou, my binneste stukkie vir stukkie geannekseer. Teen die einde kon ek skaars loop. Hulle is op 'n Dinsdag gebore, tewel 'n aanslag van reën en bliksemstrale die aarde buite die hospitaalvenster verlig het.

Hulle was identies. Hande, voete, ore, neuse was presies dieselfde. Twee dogtertjies wat hy dadelik in sy arms geneem het. Hy het gehuil terwyl hy hulle die maan en sterre belowe het. Ek het omgedraai en geslaap, lewensmoeg van nege maande se dra en wat gevoel het soos dae se harde werk om hulle uit my te kry. Die verpleegster het hulle versorg en die bababed tot langs my bed gestoot. As ek na 'n droomlose slaap wakker geword het, het hulle twee oop oë vir my gelê en kyk. Die ysblou oë van my nagmerries was nou in die uitdrukkinglose gesigte van twee klein lywe wat nie babas was nie. Wanneer die verpleegster hulle in my arms gelê het, het dit vir my gevoel asof iemand van binne die asem uit my longe druk. Ek het hulle probeer borsvoed, maar elke keer as hulle aan my borste vasgesuig het, het ek gevoel hoe die lewe uit my dreineer, soos sandkorrels wat stadig deur 'n uurglas loop. Ek het hulle afgeruk en aan die verpleegster teruggegee. Hulle het nie gehuil nie, net uitdrukkingloos na my gestaar. Ek sou nie borsvoed nie.

Hy kon skaars sy opgewondenheid beheer toe hy gekom het om ons, sy drie prinsessies, huis toe te vat. Ek het dadelik kamer toe gegaan en gaan slaap. Hy het hulle gevoed en rustig aan die slaap gemaak. Daai aand toe hy agter my rug ingekruip het, het hy vir die duisendste keer dankie gesê vir die mooiste twee dogtertjies wat hy in sy lewe gesien het. Ek het gemaak of ek slaap en hard gekonsentreer om die gil wat besig was om in my keel vas te sit, nie uit te laat nie. Hy het vir drie dae by die huis gebly, ons al drie met soveel liefde versorg dat dit my naar gemaak het. Hy het gekoer, gekwetter en selfs gelag. In die aande het hy hulle soos 'n pampoenboer, een in elke arm rondgedra. Hulle het nooit gehuil nie, maar hy het hulle nogtans onophoudelik aandag gegee. Pappa se prinsessies, pappa se poppies, pappa se mooiste dogtertjies. Hy het hulle bottels gemaak en doeke omgeruil en

nie vir 'n oomblik stilgebly nie. Ek het stilletjies 'n gin en tonic geskink en kamer toe gegaan. Gelukkig het nie een van hulle agtergekom dat ek weggeraak het nie.

Na hy terug werk toe is, moes ek alleen met hulle in die huis agterbly. Maak nie saak waar ek gegaan het nie, daardie oë het my binne my eie huis gevange gehou. As ek 'n bietjie op die bank sou rus, het hulle weerskante van my opgeëindig, al kon ek sweer dat ek hulle in hulle kotte gesit het. As ek by die voordeur wou uitgaan, het hulle my weg versper met hulle klein lywe en blou oë. Ek het hulle nie vasgehou nie. Hulle was nog steeds besig om die asem uit my longe te druk. Mettertyd het hulle hulle stemme gekry en eers kruipend, toe waggelend, toe selfversekerd deur die huis begin beweeg. Evolusie in 'n jaar. Ek kon nie meer saam met hom in 'n kamer slaap nie en het sak en pak na die spaarkamer getrek waar ek rustig in die aand my gin kon drink om net 'n bietjie slaap te kry. Toe die gin klaar was het ek diep uit die vrieskas 'n bottel vodka gevis. Daar was later nie meer iets oor in die huis om te drink nie. Ek het die vrugtekoeke-brandewyn uit die koskas leeggedrink en toe selfs al die hoesstroop. Hy het nie vir my geld gelos nie en al die kruideniersware self gekoop. As ek vir geld gevra het, het hy geweier en weer om hulle gaan koer. Die aande wat ek nugter moes gaan slaap was die heel ergste. Ek het my deur van binne gesluit en selfs 'n skuifslot opgesit, maar elke keer as ek wakker geskrik het, het ek gevoel hoe hulle van agter die geslote deur vir my kyk.

Ek het in die oggende as hy werk toe is uitgesluit. Nadat ek seker gemaak het hulle was iewers anders in die huis, het ek vinnig op my tone voordeur toe geloop en eers buite weer 'n asemteug gevat. Ek het amper die heeldag buite in die tuin by die tortelduiwe gaan kuier. Die duiwe se koer-koer het my hipnoties laat vergeet van al die slapelose nagte en twee dogtertjie-lywe wat by my gespook het. Ek het met my rug na die huis toe gesit, en selfs dan het ek hulle in die vensters na my gesien staar. Die dae wat ek verder as die tuin probeer loop het, het dit vir my gevoel of hulle soos ysters om my enkels my voete weerhou het van vlug. Alhoewel daar niks was as ek afgekyk het nie, was my voete loodswaar. As ek rustig in die tuin sou sit, het hulle my uitgelos, my net strak deur die vensters dopgehou.

Net voordat hy huis toe gekom het, het ek weer ingesluit. Hulle was altyd iewers binne, op die bank, in hulle kotte of in die bad. Glimlaggend vir mekaar en nooit 'n nat wang nie. Ek kon voel hoe hulle my volg al het ek so stil soos die graf deur die huis beweeg. As ek klaar in die badkamer was het hulle daar gesit, hand-aan-hand, agter die toe deur. Die oomblik wat ek die deur oopgemaak het, het hulle sonder emosie op hulle gesigte daar vir my gesit en wag. Hulle het in die aande op hulle pa se knieë gesit terwyl hy hulle soos perde laat galop het. Dan het hulle geskaterlag en dan kon ek hulle hoor. Die hekse gekekkel wat uit hulle monde gekom het was dieselfde as die gekekkel wat my in die aande voor my kamervenster

kom koggel het. Die blou oë was nog steeds dieselfde, hulle gesigte uitdrukkingloos as hulle na my gekyk het.

Hulle het die ontwikkelingsfase van baba tot kleuter gemaak, en selfs 'n woordeskat aangeleer. Ek het gesmeek dat hy hulle in 'n kleuterskool of iets moes sit. Enige iets om hulle net uit die huis te kry, sodat ek net 'n bietjie asem kon kry. Hy het op my geskree, telkemale dat ek hulle ma was, dat ek na hulle moes kyk. Ek het nie die krag gehad om terug te skree nie en myself maar net weer in my kamer toegesluit. In my kamer het ek die duvet oor my kop getrek en oorpluisies in my ore gesit. Selfs dan het die oë my gevind, het die lag van binne af my ore gevul. Teen hierdie tyd was hulle al groot genoeg om my weg by die voordeur heeltemal te versper. Party oggende het hulle daar bly staan lank nadat hy werk toe is. Daardie dae was ek genoodsaak om op die rusbank te sit, uitgelewer aan hul genadelose kyke. Soos hulle ouer geword het, het die intensiteit van hul blou oë my banger en banger gemaak. Ek was oortuig dat daar iets fout was met hulle, maar hy wou nie luister nie, hy het hulle aanhou bederf en later my omtrent totaal geïgnoreer. Ek het van my eie ma en haar stories oor die bergvrou begin droom.

\*\*\*

Ek het weer, soos elke ander oggend met 'n skrik in my hart wakker geword, maar daardie oggend was ek seker dat daar vir my 'n uitkoms was. Ek het vir die eerste keer in jare weer onderklere en skoene aangetrek en my lang verlore handsak onder die bed uitgetrek. Lank gelede het my eie ma vir my stories vertel van die bergvrou wat in die toekoms kon kyk. Sy kon vir jou sê wat om te doen as jy eerder rooi as blonde hare wou hê. Ek het gehoop sy sou my kon help om weg te kom van sy kinders wat ek in die lewe moes bring. Omdat ek nie seker was of hulle voor die deur vir my gestaan en wag het nie, het ek die venster in my kamer met my stoel stukkend geslaan. Ek was so haastig om weg te kom dat die gebreekte glas my hand gesny het, maar ek het dit eers agtergekom toe ek halfpad op berg toe was en die taai bloederigheid my been warm gemaak het. Ek het elke tree of wat omgekyk net om seker te maak dat hulle nie agter my aangekom het nie, maar al kon ek hulle oë op my agterkop voel brand, was ek alleen.

Ek het probeer om met my hand teen my bors te loop om die bloed te stop, maar toe ek die kort entjie teen die berg moes uitklim het ek altwee my hande nodig gehad om teen die duiseligheid te baklei. Die bergvrou het in 'n klein grot gebly wat verbasend skoon was. Daar was 'n mooi tapyt op die vloer, 'n koperkatel en selfs 'n klein radio'tjie. Sy het vir ons 'n pot tee gemaak en die fynste porseleinkoppies op pierings gedek. Toe ek vir haar wou vra oor die kinders het sy my vrolik vertel dat sy reeds geweet het hoekom ek daar was. Ek was

verlig, want hulle oë het nog steeds agter op my nek gebrand. Ek was nie seker dat hulle my nie werklikwaar gevolg het nie. Die bergvrou het my met stories van die kiewiete en bergslange rustig gestel. Sy het my hande met koue water skoongemaak en die salf wat sy opgesmeer het, het gehelp om die brandpyn te verlig. Na ons derde koppie tee, kon ek amper nie eers meer my nagmerrie lewe onthou nie. Die bergvrou het my hande in hare gevat, sagte oumenshande met vlekke en knobbelvingers, en rustig met my gepraat.

Die kinders was my eie skuld. Ek het myself probeer verdedig, probeer verduidelik dat ek aan hom gesê het dat ek nie kinders wou hê nie, maar sy het my stilgemaak. Hulle was deel van my en besig om my siel stukkie vir stukkie te steel. Dit was my siel wat so ysblou vir my teruggestaar het.

Ek het die buitekant van die grot net betyds gehaal. Jare en jare se wrewel, haat, vrees en hardkoppigheid het giftig groen by my mond uitgestroom. Ek het net aangehou braak en braak tot al wat van my oorgebly het 'n groen moslagie teen die berghange was.



*Mense met goeie maniere kom maklik met ander oor die weg.*

## Gehoorsaamheid

Die Bybel beveel kinders om aan hulle ouers gehoorsaam te wees. Die vyfde gebod sê: *Eer jou Vader en jou Moeder*. Van die dag van sy geboorte af het sy ouers agtergekom dat daar fout was met hom. Hy was fisies gesond met al tien sy tone en vingers en hy het omtrent nooit gehuil as 'n baba nie. Maar hy was aspris en wat ookal sy ouers aan hom gesê het om te doen of in sy oortjies gefluister het, hy het altyd die teenoorgestelde gedoen.

Net na sy geboorte toe die dokters hom in sy moeder se arms gesit het, wou sy ma hom aan haar bors laat drink. Hy het sy klein mondjie se lippies styf op mekaar geklem en geweier om aan sy ma te drink. Die verpleegsters het bottels gemaak en vir haar aangegee maar hy het gewag totdat sy rustig weggedut het voordat hy hard aan die gil gegaan het en dan op sy bottel aangedring. Terug by die huis het sy ouers allerhande ander sulke klein dingetjies opgemerk. As sy vader weg was het hy geskree om in sy kot te slaap en as sy pa weer terug by die huis was het hy weer geskree om saam met sy ma en pa op die bed te slaap. Dan het hy seker gemaak hy gee sy ouers nie 'n minuut se rus nie. Maak nie saak wat sy ma probeer doen het nie, hy het gewag totdat sy sy doek afgehaal het voordat hy haar met 'n boog nat gepiepie het. Hy het dan altyd vir haar gelag.

Aan die begin het almal gedink dit was baie oulik, maar hoe ouer hy geword het, hoe minder oulik het mense dit gevind. Hoe meer hulle hom probeer dwing het om eers te kruip voor hy loop, hoe meer het hy geloop en toe eers gekruip. Uit radeloosheid het sy ouers ook begin om hom in die aande te ignoreer en elke boek oor ouerskap op die mark gekoop net om seker te maak dat hulle wel nie slegte ouers was. Hulle was bekommerd daarvoor om hom in die verderf te lei deur hom altyd sy sin te gee en het verskillende dissiplineerstegnieke probeer toepas. Die Bybel sê dat mens die moet tugtig vir wie jy lief is. En al was hy 'n baie moeilike kind was sy ouers nog steeds vir hom lief. Selfs as 'n pap-babatjie het hulle al vir hom uit sy Kinderbybel voorgelees.

Toe hy al self kon sit en sy boekies kon vashou, het hy die Kinder Bybel teen die muur of op die vloer gegooi. Sy ma het dan maar net vir hom gebid. 'n Kindersielkundige wat sy ma gaan raadpleeg het, het die voorstel gemaak dat 'n jonger boetie of sussie hom dalk rustiger sou maak of miskien ten minste aan die ouers afleiding sou kon bied. Toe hy twee jaar oud was, het sy ma se maag bult begin staan en elke keer as sy moeder hom voorgesê het oor hoe lief hy vir sy boetie is, het hy weggehardloop en geskree dat hy nie lief vir sy boetie was nie. Sy boetie is gebore en sy asprisgeid het net vererger. Sy boetie was in alle opsigte die teenoorgestelde. Hy het dadelik sy ma se bors, liefde en tug aanvaar.

Hy het gereeld 'n goeie pakslae gekry en toe dit nie meer gehelp het nie, het sy ouers hom begin toesluit in sy kamer en partykeer het hulle hom bed toegestuur sonder dat hy aandete gekry het. Maar niks kon sy wil breek nie. Sy ma het eendag uit pure radeloosheid haar hande in die lug gegooi hardop verklaar dat daar geen salf aan hom te smeer was nie. Sy het uit frustrasie haar hande voor hom in onskuld gewas en hy het haar net uitgelag en sy boetie weer teen die grond gestamp. Al was haar moederhart oor sy welbehae bekommerd, kon selfs die Bybel op hierdie stadium nie meer aan haar raad verskaf nie. Die Dominee het met huisbesoek vir sy siel gebid en onoortuigend sy ouers probeer troos dat dit sekerlik tog net 'n fase was wat hy sou ontgroeï. Sy ma het trane met 'n wit kantlappie weggevee en sy pa het met 'n diep frons die Dominee aangestaar. Hy het in die geheim in sy hart gehoop dat iemand eendag sy seun 'n les sou leer wat hom op die nou padjie sou dwing.

Met die oudste boetie se sewende verjaarsdag het sy ouers vir hom 'n swembadpartytjie gehou. Hy het nie baie maatjies by die skool gehad nie, want niemand het regtig van sy asprisgeïd gehou nie. Hy was nou ook by die skool elke dag in die moeilikheid. Hy het geweier om sy ma met enige iets te help. Daar was net 'n paar skoolmaatjies wat onder protes gekom het en sy gesin. Hy het aangehou sy kersies doodblaas terwyl sy ma dit probeer aansteek het en sy het op die ou einde opgegee en almal het maar vir hom gesing sonder kersies op sy koek.

Omdat sy ma uit tyd gehardloop het, kon sy nie vooraf die waatlemoen in stukke sny en die pitte uithaal nie. Die seuns se pa het besluit om die waatlemoen buite in stukke te sny en aan die seuns uit te deel. Voordat hulle begin eet het, het hy hulle gewaarsku om nie die pitte te eet nie, want dan sou daar 'n boom by hulle ore uitgroeï. Die oudste broer het oudergewoonte nie na sy vader geluister nie en sy stukke pitte en al ingeryg. Die jongste boetie het stil en geduldig die pitte uit sy stukke gepik en rustig gekou. Hy het sy jonger boetie aanhoudend geterg oor die pitte en hom selfs name genoem.

Na die partytjie het die jongste gehelp opruim en die oudste het in sy kamer gaan sit en strokiesboeke lees. Sy ouers het hom nie meer aangesê om sy tande te borsel nie want hy het in elk geval nie geluister nie. Die hele gesin het gaan slaap en die volgende oggend het die oudste broer met 'n erge hoofpyn wakker geword. Hy het 'n koors gehad en die dag in die bed gebly. Sy ma het medisyne langs sy bed neergesit want hy het geweier om die panado's wat sy ma hom aangebied het te drink. Maar toe hy die pyn nie meer kon uistaan nie het hy met bewende hande die pille tog wel gesluk. Hy het die hele dag geslaap en nie eers vir aandete wakker geword nie. Sy ma het net vir aandete 'n beker tee en roosterbrood langs sy bed gesit maar hy het vir haar van onder die kombes gegrom dat hy

nie honger was nie.

Toe hy die volgende dag wakker geword het, het hy sommer stukke beter gevoel. Maar tot sy grootste skok kon hy nie glo wat vir hom in die spieël gewag het nie. Daar was twee klein groen takkies wat weerskante van sy kop by sy ore uitgestaan het. Hy het dadelik 'n mus oor sy kop getrek en onder sy bed gaan wegkruip. Teen die einde van die tweede dag was die takke al so ver gegroei dat sy mus hulle nie meer toegemaak het nie. Hy het geweier om die deur vir sy ouers oop te maak. Hy het probeer om die jong takkies met sy skoolskêr af te sny, maar dit was die seerste pyn wat hy nog ooit gehad het. Hy kon niks anders doen as om deur sy kamervenster te klim en weg te hardloop nie.

Hy het aangehou loop totdat hy by 'n brug gekom het waar daar 'n groepie mense om 'n klein vuurtjie gesit het. Hulle het hom nader gewink en hy het hulle met stromende tranes tegemoet geloop. Iemand het 'n ou kombers om sy skouers gehang en hy het hulle alles vertel. Hulle het aan sy takke gevat en met verwondering na hom gestaar. Hulle kon hom nie verstaan nie, hy kon hulle nie verstaan nie, maar hy was moeg van die verloop en het die aand tussen hulle geslaap. Die volgende oggend het die takke nog 'n end verder by sy ore uitgestaan en hy het moedeloos verder gestap. Die mense het nog probeer om hom te oorreed om eerder by hulle te bly, maar ou gewoontes is moeilik om af te skud.

Hy het so ver geloop dat hy naderhand heeltemal verdwaald was. Die takke was teen hierdie tyd so swaar dat hy gesukkel het om sy kop regop te hou. Van die stremming op sy nek het hy naer geword het. Hy het aanhou loop totdat sy skoene se sole deurgetrap en bene styfgeloopt was. Hy het iewers in 'n veld gaan lê en met groot vrees agtergekom dat daar wortels by sy voete begin uitgroeit het. Na die eindeloos gestap was hy so moeg, honger en bang dat hy net kon huil. En hoe meer hy gehuil het, hoe vinniger het die takke en die wortels gegroei. Hy wou net vir sy ouers om verskoning vra, maar dit was te laat. Hy het wortel geskiet en as 'n jong boompie verder in die veld gebly.

Maar dit is nooit te laat om om vergifnis te smeek nie, want God se genade is groot. Die engele in die hemel het sy gepleit gehoor en namens hom by God om vergifnis gaan vra. God het die oudste boetie vergewe en aan hom Sy heil gebied. Toe die oudste boetie 'n groot genoeg boom was met sterk wortels en dik takke, het houtkappers gekom en hom afgekap. Uit sy hout uit het hulle die mooiste kruis gemaak. Hierdie kruis het hulle voor in die kerk gehang en sy gesin het elke Sondagoggend na hom gestaar terwyl die Dominee gepreek het.



## Die lelike eendjie

Die middag toe sy besig was om haar volkspele rok aan te trek het haar hart al in haar borskas rondgewals. Sy het 'n gevoel gehad dat sy nie net oppad was na 'n saamtrek toe nie, maar dat dit daardie aand anders sou wees, want sy het haar nuwe wynrooi volkspele rok aangehad en haar nuwe kalkoentjies was blinkswart gepoets. Sy het ook 'n gevoel in haar hart gehad dat hy sy belofte sou nakom en ook daar wees. Haar nekdoek en kantmoue het nog witter teen die rooi van die rok gelyk. Haar onderrokke was spierwit gebleik en haar wit sykouse het nie 'n enkele leer in gehad nie. Toe sy daardie middag in die kar klim het sy haar nuwe gehekelde moffies versigtig in haar handsak gebêre, want hulle was ook wit en sy was bang hulle sou vuil word nog voordat sy eers by die saamtrek aangekom het. Sy het al haar moffies self gehekel want haar ma het haar geleer dat dit is wat goeie vrouens doen. Haar ma het haar ook gewaarsku dat as haar sykouse verbleik was of gate in gehad het dan sou mense baie sleg van haar gedink het. Vrouens van die nag dra sykouse met gate in.

Dit was die eerste keer wat haar laer 'n saamtrek gehou het en sy het die minute na die eerste lied toe weggewens, want sy was so opgewonde om met haar nuwe rok in die kring in te gaan en ook om hom te sien. Hoe nader dit aan sewe-uur geword het, hoe meer het haar hande gesweet en dit gevoel of haar hart met elke asemhaling by haar keel gaan uitbons. Al die vorige kere wat sy saamtrekke toe gegaan het, moes sy as 'n nefie deelneem want daar was nie genoeg mans om die kring vol te maak nie. As iemand haar die kring binnegehoi het, was dit altyd 'n ou weduwee of grillerige man met sweterige hande. Die vorige week het sy egter 'n blondkop boer met regop skouers by 'n ander saamtrek ontmoet. Sy het hom van haar laer se saamtrek vertel en hy het belowe hy sou 'n plan maak om na haar saamtrek toe te kom.

Elke keer wat iemand by die stadsaal se deur ingestap het, het sy vir 'n oomblik ophou asemhaal in die afwagting om hom te sien, want sy het begin twyfel of hy regtig sou kom. Hy was 'n bietjie ouer as sy, maar haar ma het altyd gese dit is goed vir 'n vrou as haar man ouer is want dan kan die vrou haar deur haar man se wysheid laat lei. As mans jonger is as hulle vrouens, dan wil die vrou net pop-speel en nie regtig haar rol as volwaardige vrou aanvaar nie.

Kwart voor sewe het hy die saal binnegestap, haar gesien en vir haar gewaai. Hy het nie dadelik na haar toe aangestap gekom nie want hy het eers ander mense gegroet. Terwyl hy met mense aan die anderkant van die saal gestaan en gesels het, het sy hom onderlangs dopgehou. Haar ma het haar gewaarsku daarteen om nie eerste na mans toe te gaan nie, 'n

dame wag totdat die man na haar toe kom en haar groet want anders kan hy dalk 'n slegte indruk kry. Mans hou nie van vrouens met slegte reputasies nie.

Sy het getwyfel of hy haar in die kring sou nooi. Jong hubare meisies soos sy kan nie sommer net in die kring gaan nie, dit is ongehoord. Sy het die hele week gedroom oor hoe dit sou voel as hy voor al die mense haar hand sou vra want hy was baie mooi en sy het nog nooit 'n kêrel gehad nie. Sy het haar hart in haar ore hoor klop en haar stem het in haar keel vasgesit. Die sweet het koud teen haar rug afgerol en die nylon sykouse het haar tussen haar bene geskaaf want dit was warm. Paartjies het twee-twee 'n kring gevorm terwyl die eerste note van *Daar kom die wa* oor die luidspreker begin dreun het. Sy het gevoel hoe die trane agter haar oë brand toe sy teen die einde van die lied nog langs die kant gestaan het. Hy was aan die anderkant van die saal. Sy het hom uit die hoek van haar oog dopgehou want sy het die heelyd nog gewens dat hy na haar toe sou kom. Net voor die laaste note weggesteef het, het hy skielik flink na haar toe oorgestap. Vir haar het die hele wêreld ophou draai.

Sy kon net sy astrante kuif sien wip-wip op sy voorkop. Sy kon net sy mooi onderbaadjie en spierwit nekdoek raaksien. Sy swart langbroek was net die regte lengte vir hom en het nie soos baie ander jong mans s'n 'n ent bo sy skoene geëindig nie. Sy skoene het geblink en sy kon die geur van sy naskeermiddel omtrent in haar mond proe. Sy het nie gehoor wat hy vir haar sê nie want sy was te opgewonde. Sy het sy uitgesteekte hand gevat en dadelik gewens sy het haar katoenmoffies eerder aangetrek want haar hande het erg gesweet. In die eerste helfte van die aand het sy aanhou wens dat hulle by mekaar sou opeindig in die kring. Elke keer wat hulle gevleg het, het sy gebid dat hulle hande sou vat want dan kon sy weer aan hom raak. As hulle saam tiekiegedraai het, en hy het sy hande ferm om haar middel geklem, dan het sy gevoel hoe dit natter en natter tussen haar bene word. Sy was dronk van verliefdheid toe hulle met die laaste lied weer bymekaar gekom het, want hy moes haar dan weer uit die kring vat en sy kon 'n oomblik langer sy hand op haar lae rug voel.

Tydens pouse het hy langs haar kom sit en hulle het oor werk en kerk die volgende dag gesels. Hy het haar oor haar laer gevra en sy het amper glad nie haar kerrie en rys geëet nie, want sy was te verlief om honger ook te wees. Met die liedere het hulle weer bymekaar opgeëindig en hulle het ingehaak saamgesing en af en toe as hy vir haar gekyk het, het sy gesien hoe sy grysblou oë glinster. In die tweede helfte van die aand se volkspele het sy omtrent deur al die liedere gesweef want sy kon net die heelyd aan hom dink. Sy het met elke aanraking van hom gevoel hoe haar lyf ril en elke keer as hulle bymekaar verby moes speel, het sy gewens sy kon hom net eenkant toe trek want sy was baie nuuskierig om

meer as net sy hande te voel. Sy wou weet hoe dit voel om teen sy gespierde borskas aan te leun en sy hande styf om haar middellyf geklem. Sy het die klein druppels sweet op sy bolip gesien en gewonder hoe dit sou proe as hy haar sou soen. Hoe nader die aand aan die einde gekom het, hoe meer het sy gebid vir 'n laaste en nog 'n laaste kans vir hom om net weer aan haar hand te raak of haar in 'n tiekiedraai van haar voete af te lig want dit was vir haar lekker as hy aan haar gevat het.

Sy het geweet hulle sou mekaar weer die volgende oggend by die kerkdiens sien, maar sy kon nie help om aan te hou bid vir net vyf minute meer in sy geselskap nie. As haar ma haar nie gewaarsku het dat slegte meisies wat vir seuntjies sê hulle is lief vir hulle hel toe gaan nie, sou sy hom seker lankal gevra het om met haar te trou. Maar toe dit regtig tyd geword het om te gaan, het sy hom net beleefd gegroet want sy was baie bang vir die hel. Hy was 'n ordentlike boerseun wat haar 'n sagte drukkie gegee het. As haar vel deurskynend was sou almal seker die elektrisiteit van sy aanraking kon sien.

Sy het geweet sy sou nie daardie aand kon slaap nie want sy was te verlief en opgewonde. Sy kon ook nie haar Bybel lees nie en het die aand omgebied dat hy die een sou wees. *Liewe Jesus ek weet dat U in U wysheid 'n plan vir my lewe het. Here, hierdie man voel net reg. Ek sal met trots sy vrou kan wees en as U getroue dienaar die beginsels van die huwelik kan uitleef. Liewe Jesus, asseblief laat hy my net môre raaksien. Laat hy my asseblief net so lief hê soos wat ek reeds vir hom is. Alles volgens U plan. Asseblief Liewe Jesus. Amen.* Die volgende oggend het dit haar amper 'n uur gevat om reg te maak vir kerk want sy wou net op haar mooiste lyk. Sy het amper haar Bybel by die huis vergeet want sy kon net aan hom dink.

By die kerk kon sy nie help om elke vyf minute na die horlosie te kyk nie, want sy kon nie wag om hom te sien nie. Sy het spesiale parfuum aangesit vir die dag, maar was intens bewus van die sweetkolle onder haar arms. Sy het die tannies in die kombuis gehelp om die koppies reg te sit vir tee na die diens maar sy het so gebewe van opgewondenheid dat sy twee koppies laat val het. Sy was besig om die skerwe van die vloer af op te tel, toe sy hom uit die hoek van haar oog gesien het. Sy het gemaak of sy hom nie sien nie en probeer om ongemerk asem te haal, al het dit gevoel sy sou nooit ooit weer asem kry nie. Hand aan hand het hy daar gestaan met 'n pragtige blondine, 'n vreemdeling.

Sy het hom vriendelik gegroet en hard probeer om die trane te keer toe hy haar aan sy verloofde voorstel. Die blond het haar hand gevat en al die regte woorde gesê. Sy verloofde met haar lang blonde hare en pragtige naels hou nie van volkspele nie, sy gaan nooit saam met hom na saamtrekke toe nie. Toe hulle hande inmekaar gestrengel

weggestap het, het sy geweet sy was die lelike eendjie wat in 'n eend verander het want sy kon nooit 'n man se aandag trek nie. Sy sou nooit 'n swaan wees nie en daardie dag het sy nie haar oë toegemaak toe die dominee gebid het nie. Sy het die vuil kolle teen die mure vir die eerste keer regtig gesien. Sy kon kinders iewers hoor huil en 'n motorfiets se brom het 'n deel van die dominee se bid ingesluk. Sy het die houtkruis voor in die kerk opgemerk en die smal, koue kerkbankie het haar lae rug laat pyn.

## Spieëltjie, spieëltjie

Ek het nie baie herinneringe aan my kinderdae nie. Ek onthou spieëls in elke kamer in die huis. Spieëls in goue rame, houtrame, vergulde bronsrame. Party sonder enige rame. 'n Klein ovaal handspieëltjie met versiersels en 'n bypassende perdehaarborsel. Dit was my ma se waardevolste besitting en in die aande het ek haar hare rustig met die borsel gekam terwyl sy vir my in die handspieëltjie gekyk het. Sy het lang, sagte bruin hare gehad wat tot onder haar knieë gehang het. Sy het net in 'n wit katoen nagrok met 'n kantkragie geslaap. Sy was 'n koningin en ek 'n prinses.

Hulle het alweer vandag my kos op 'n gewone silwer skinkbord gebring. Hulle wit jasse het oorverdowend hard gegirts terwyl hulle in die kamer besig was. Waar was die tafel gedek met silwer en kristalkandelare? Hulle het net 'n snedige gebaar gemaak en die skinkbord rof op my bed neergesit. Die kos het op die staalbord rondgegly en hulle het arms gevou in die hoek gaan staan. Ek het die plastiek eetgerei tussen my duim en voorvinger vasgevat. Hulle dink ek weet nie dat hy my hier teen my sin hou nie. Hulle dink hulle kan my so afskuwelik behandel, dan vergeet ek dalk. Hulle het die staaldeur ongeërg agter hulle toegetrek. Ek sal nooit vergeet wie ek regtig is nie. Ek het die skinkbord van die bed af op die vloer gestamp en op regte eetgerei en 'n mooi gedekte tafel aangedring.

Ons lewens was in gevaar want die koning, haar man, het haar vir 'n ander vrou verruil. Nee, die ander vrou was net 'n gewone vrou, die koning het nie van koninginne gehou nie, hy het eerder sy gewone vrou verkies. Maar omdat sy as koningin geregtig was op die land wou die nuwe vrou van haar ontslae raak. Die nuwe vrou het die koning verlei en oorreed om soldate en ridders na die hekke toe gestuur. My ma het geweet hulle wou haar vermoor so sy het hulle nooit ingelaat nie. Ek moes altyd onder die bed gaan wegkruip het, want sy was bang as hulle dalk sou inkom dan sou hulle my wegvat na die koning toe. Ek het geweet dit is 'n baie slegte ding om by die koning en sy nuwe vrou op te eindig. My ma het vir ons lewens begin vrees, want sy kon ons nie alleen beskerm nie. Ons het uit ons ou koninkryk gevlug en begin om orals te bly. Nooit te lank op een plek nie.

Vandag het hulle my beddegoed kom wegvat. Ek het hulle hoeveel keer beveel om my goed uit te los maar hulle het selfs my boeke gevat. Ek weet die vrou het hulle opdrag gegee om my hier te hou en so te behandel. Hulle soek die spieëltjie en borsel. Hulle sal dit nooit kry nie.

Ons het ook 'n naamspelletjie gespeel. Sy het haar handspieëltjie na my toe gehou en gevra: "Spieëltjie spieëltjie aan die wand, wie het jou in die hand?" Die spieëltjie het elke aand vir

ons ander name gegee. Partykeer het ons sommer in die kar geslaap, want dan kon ons vinniger van die koning af vlug as ons sou moes. Die enigste ding wat die koningin ooit ingepak het was al haar spieëls, versigtig in komberse toegedraai op die agterste sitplek.

Hulle het my vandag iets laat eet en toe ek wakker word is ek nie meer in die grag onder in die koning se kasteel nie. Ek is hier in hierdie klein wit kamertjie met tralies voor die vensters en 'n deur wat ek nie kan oopmaak nie. Hulle het vir my ander klere aangetrek. 'n Ligblou stuk materiaal wat sakkerig om my hang. Hulle dink seker deur my in 'n ander kamer te sit sal ek hulle sê waar die spieëltjie is. Die koning kom nie meer self na my toe nie. Hy stuur een van sy onderdane wat die heelyd iets neerskryf. Die onderdaan sit, bene-gekruis-pen-in-die-hand en vra my onophoudend uit. Ek antwoord hom nie.

Ek kon nie veel van die koning onthou nie. Ek het party aande gedroom hy staan langs my bed, arms na my toe uitgestrek, glimlaggend. Dan het ek wakker geskrik van my eie skree. Ons het aangehou ry. Ek het nog steeds elke aand die koningin se hare gekam. Sy het na 'n ruk stil geword, sy wou nie meer die naamspeletjie speel nie en elke keer as ek haar hare gekam het, het daar stringe op die borsel agtergebly. Sy was baie maer en haar wit nagrok was nie meer wit nie. Die kragie was amper heeltemal losgetrek en daar was gate in die moue. Sy wou ook nie meer bad nie. Hoe ouer ek geword het, hoe meer het sy my begin haat.

Sy het nie daarvan gehou dat ek grootword nie. Sy het my die heelyd daarvan beskuldig dat ek probeer het om mooier as sy te wees, haar kroon by haar af te vat. Ek het nog steeds in die aand haar hare probeer kam maar sy het die borsel uit my hande geruk en my daarmee gegooi. Die kere wat ek in haar arms wou lê soos altyd en selfs op haar skoot wou klim, het sy my weggestamp en naderhand mag ek glad nie meer in haar handspieëltjie gekyk het nie. Sy wou nie meer hê dat ek ooit aan haar vat nie. Ek het my eie lang hare met 'n stomp skêr afgesaag en daarna was sy weer vir 'n kort rukkie gelukkig, sy het selfs weer die naamspeletjie saam met my gespeel. Ek wou teruggaan huistoe. Ek was nog steeds bang vir die koning en sy nuwe vrou, maar die koningin het elke dag swakker en swakker geword. Die oggend toe ek haar nie weer wakker kon maak nie, het ek nêrens anders gehad om heen te gaan nie. Ek het die spieëltjie tussen my klere weggesteek en duimgegooi totdat iemand my opgelaai het. Dit was 'n lang pad terug na die koninkryk van my kinderdae.

“Die spieëltjie is vir altyd weg,” dink ek terwyl die koning se onderdaan weer iets neerskryf. Daar is nou ander mense saam met my. Hulle slaap almal in dieselfde klein kamertjies as ek, maar hulle praat in deurmekaar woorde. Hulle is morsig en ongeskik, party van hulle

eet met hulle hande. Ek lyk elke dag meer en meer soos my ma, die staal verskoning vir 'n spieël in die waskamers 'n vae beeld, heupbene wat te ver uitsteek en oë wat te diep in hul kaste sit. My hare het in stringe begin uitval, elke oggend is daar nuwe klose op my kussing. Die koning en sy nuwe vrou sal my eerder hier laat doodgaan as om dit waarop ek geregtig is vir my te gee.

Die koning en sy nuwe vrou het vir my gewag, vals glimlagte van blydschap op hulle gesigte, stemme te ywerig om my welkom te heet. Ek het rustig my tyd afgewag, die handspieëltjie veilig weggebêre. My ma, die regte koningin het my gewaarsku om nooit ooit die spieëltjie aan enige iemand anders te wys nie. Sy het geweet dis al wat die koning vir sy nuwe vrou wou hê. 'n Vals koningin mag nooit die spieëltjie gebruik nie. Ek het elke aand gesit, my weerkaatsing die enigste herinnering wat van my ma oor was en my kans afgewag. Die koning het naderhand moeg geword van vriendelik wees, net soos die koningin gewaarsku het. Die nuwe vrou het skerp met my begin praat. Ek het geweet die koning se soldate sou vir my kom, dit was net 'n kwessie van tyd voor hulle my sou wegvat. Daar was net een ding wat ek kon doen. Ek moes die spieëltjie met alles in my beskerm. Ek het dit hard teen die muur gegooi en die duisende stukkie sorgvuldig geëet. Die spieëltjie het deel geword van my. Die nuwe vrou sou dit nooit gebruik nie.

Hulle praat alweer agter my rug. Hulle dink ek kan hulle nie hoor nie. Die koning is blykbaar besig om sy geduld te verloor. Ek grynsag vir myself in die staalspieël.

*Liefde en verliefdheid en liefkosings gaan saam. Moenie die liefde goedkoop maak deur 'n vertoon van openbare liefkosings nie.*

## Die begrafnisondernemer

Sy is 9 jaar oud en haar ma is 'n begrafnisondernemer. Dit beteken haar ma moet na die dooies kyk voordat hulle na God toe gaan. Die eerste keer toe sy in die lykshuis gekom het, was sy 'n bietjie bang. Dit was koud en grys, met lang staal tafels. Haar ma het afgesak en in haar oë gekyk: "My kind, die dooies kan jou niks maak nie. Dis die wat lewe waarvoor jy bang moet wees." Haar ma het geglimlag.

Sy loop elke middag direk na skool na die lykshuis in die hoofstraat toe. Dit is 'n ou gebou wat altyd verlate lyk. Sy stap deur die be-sig-ti-gings-ver-trek. 'n Baie groot woord vir 'n kamer waar mense staan en huil. Sy voel veiliger in die stilte van die kapel. Sy sukkel in die middag in die kapel met haar huiswerk, eet haar grondboontjebotterbroodjie, drink haar glas melk en oefen haar toonlere op die elektriese orrel. Die klanke is vals, nie soos die groot kerkorrel op Sondae nie. Haar ma kom partykeer na haar soek, dan hou sy haar eers styf vas en huil in haar nek. Sy kan dan maar gaan kyk, dit beteken klein kissies in die groot-woord-vertrek.

Vanaand gaan hulle nie huistoe nie, want haar ma moet laat werk. Sy wag vir 'n belangrike oom wat dood is hier, maar nie in ons grond hoort nie. Die oom het nie iemand wat hier vir hom kan huil nie, so nou moet haar ma eers na hom kyk, dan kan hy na sy eie land toe gaan. Haar ma het vir haar 'n bed agter die preekstoel gemaak. Partykeer speel sy dominee, maar sy kan nie die mense sien nie, want sy is nog te kort. Sy hou daarvan om hier te slaap want dan vergeet haar ma van tandeborsel.

Sy word in die middel van die nag wakker want sy moet gaan piepie. Sy weet waar die badkamer is, maar toe sy buite die kapel kom hoor sy haar ma se helder sing-stem. Sy vergeet van haar piepie. Sy stap tot aan die einde van die lang gang en maak die deur van die lykshuis op 'n skrefie oop. Haar ma staan langs 'n lang staal tafel waar 'n grys oom lê, sy weet dis 'n oom want hy het 'n baard. Haar ma sing terwyl die oom oopmond staar. Haar ma sing baie mooi. Haar ma skrop die oom soos sy haar altyd in die bad na atletiek was. Na die wassery droog haar ma die lyf af. Die ou handdoek is dieselfde kleur as die oom. Toe die oom droog is, sit haar ma twee wit doppies op die oom se oë en trek sy ooglede bo-oor. Sy vat 'n lang naald en gare en sit haar hand in die oom se mond. Sy trek die gare by sy neus uit en nou is die oom se mond ook toe. Nou lyk hy nie meer verbaas nie, nou slaap hy rustig. Haar ma sukkel om die oom se klere vir hom aan te trek en sy wil gaan help, maar sy wil nie hê haar ma moet ophou sing nie. Die oom lyk snaaks, want hy slaap nie in sy slaapklere nie. Haar ma kam sy hare mooi agtertoe en smeer 'n bietjie lipstiffie aan sy lippe. Haar ma sit poeier op die res van sy gesig en nou is hy nie meer grys nie. Hy is nou weer

regtig-egtig. Haar ma gaan sit langs die oom op 'n hoë, ronde stoeltjie. Sy praat glimlaggend in 'n fluisterstem.

Sy onthou skielik van haar piepie want haar bene begin nou lam voel van die knyp. Sy maak die deur agter haar saggies toe en hardloop-loop badkamer toe. Toe sy klaar gepiepie het was sy nie haar hande nie, sy sukkel om by die wasbak by te kom, sy sal môre twee keer was.

## Hoe om 'n prinses te word

Ek kon al lees en skryf toe ek die eerste keer my pa se kaal tannies in sy kas ontdek het. Ek het dit versigtig uitgehaal vanwaar dit weggesteek was onder ou kassette en plate. Daar was iets magies en geheimsinnig aan hierdie tydskrifte wat so weggesteek was, want al die ander tydskrifte in die huis het op die koffietafel voor die televisie gelê. Die eerste een se voorblad was van 'n tannie met die mooiste ronde borste wat ek nog ooit gesien het. Ek het in die aande partykeer saam met ma gebad en hare was langwerpig en het ondertoe gehang. Die tannie op die tydskrif s'n het soos ronde ballonne in die lug gesit. Die tannies het almal geglimlag, en party van hulle hare se hare was goud en golwerig. Ander se hare was pikswart en reguit. Hulle het ook bloedrooi lippe gehad. Daar was 'n foto van een tannie in 'n kasteel soos in my sprokiesboek met lang goue hare wat tot op die grond gehang het. Sy was Raponsie, maar sy het nie 'n mooi rok aangehad soos in my boek nie. Maar sy het baie gelukkiger gelyk.

Die tannies was soos ma, maar hulle het nie soos ma gelyk nie. Ma het hemde gedra wat tot onder haar nek toe was en haar hare was altyd in 'n bolla. Sy het dit net in die aande oor haar skouers los laat hang as sy dit gekam het. Dan het sy dit dadelik weer in 'n vlegsel vasgemaak. Ma het ook nooit soos die tannies in die tydskrifte gelag nie. Hulle tande was spierwit en hulle het rustig gelyk, so asof hulle tyd gehad het om na my stories te luister. Ma se tande was nie so wit nie en sy was altyd haastig. Ek was gewoonlik in haar pad.

Ek het my eie hemp opgetel en in die spieël na my plat bolyf gekyk. Dit was lekker om myself te verbeeld dat ek ook eendag soos een van die tannies sou lyk. Ek het ma by die agterdeur hoor inkom en dadelik al pa se tydskrifte weer in sy kas gebêre. Toe sy teen die tweede keer my naam geroep het, kon ek die kwaad in haar stem hoor. Ek het onder die bed ingekruip. Die mat het na stof geruik en my wang gekielie. Van onder die bed kon ek sien dat ek die kasdeur nie heeltemal toegemaak het nie. Maar voor ek weer onder die bed kon uit, het ek ma se huiskoene in die deur gesien. Ek het gemaak of ek wegkruipertjie speel maar toe sy my daar onder haar bed uitgevang het, het sy my aan my voet uitgetrek en met my geraas. Sy het nie tyd gehad vir speletjies nie en ek moes dadelik antwoord as sy my geroep het. Sy wou ook weet wat ek in haar kamer gedoen het. Toe ek gemompel het dat dit pa se kamer ook was, het sy my 'n baie kwaai kyk gegee. Ek het ma nie van die tannies vertel nie en sy het gelukkig nie die kas se deur gesien nie.

Vir weke daarna het ek elke oomblik wat ek kon vir die tannies gaan kuier. Ek het ander

tannies gekry soos Raponsie. Daar was 'n foto van Sneeuwitjie wat kaal in 'n glaskas gelê het en Rooikappie wat met haar rooi manteljie wydsbeen op die grond gesit het. Doringrosie het agteroor op 'n bed gelê met haar balon-borsies wat in die lug opgestyg het. Hulle was almal so mooi en ek wou ook soos hulle lyk. Ek het my klere in 'n hoop op die vloer gegooi en elke middag as ma besig was om die rose nat te spuit of die oprit te vee, het ek prinses-prinses gespeel. Maar ek het seker gemaak dat ek geluister het vir die toeslaan van die agterdeur. Ma het my een middag amper weer in haar kamer gevang maar ek kon gelukkig vinnig genoeg pa se tydskrifte bêre en my klere aantrek. Ek het in die gang gaan lê sodat ma nie moes weet dat ek weer in haar kamer gespeel het nie.

Een middag het ek ma egter nie by die agterdeur hoor inkom nie. Pa se tydskrif met Rooikappie was oop langs my en ek het Rooikappie gespeel toe ma se gil my laat skrik het. Sy het bo-op Rooikappie getrap toe sy gryswit-kwaad na my toe oorgestorm het. Ek het so geskrik dat ek nie dadelik gereageer het nie. Sy het my hard aan my arm opgeruk voordat sy my met haar plathand ingedraf het. Tussendeur het sy oor die sonde van kaalgeid geskree. Sy wou weet wat ek gedink het maar uit ander pakslae het ek geweet as ek haar sou antwoord dan sou sy net aangehou het. Ek het stilgebly tot die laaste hou my boud laat brand het. Na my pakslae het sy al pa se tydskrifte opgetel en my beveel om my klere aan te trek. Ek het deur my trane vir haar gesê dat dit nie hare was nie want ek het dit in pa se kas gekry en sy het nie die reg gehad om dit weg te vat nie maar sy het net skiller op my geskree. Ma kon nie luister as sy so kwaad was nie. Ek het maar deur my snikke weer my klere aangetrek en geweet ek sou my prinsesse nooit weer sien nie. Ma het in die sitkamer vir my gewag. Sy het uit die Bybel van Jesebel gelees, nog 'n kaal tannie wat sonde gepleeg het.

Ma het aan my verduidelik dat die prinsesse in pa se tydskrifte van die duiwel was. Hulle was anders as die prinsesse in my storieboeke want die prinsesse in my boeke het darem hulle klere aangehad so hulle was goeie tannies. Ek het probeer om aan haar te verduidelik dat die tannies in my boeke nie so gelukkig was soos in pa se tydskrifte nie, want my storieboek-prinsesse het nooit geglimlag soos die ander prinses-tannies nie. Sy het my net stilgemaak en my gedwing om saam met haar te bid oor ek ook kaal was. Ma het my oor en oor aangesê om Liewe Jesus om vergifnis te vra oor my sonde, maar ek het niks verkeerds gedoen nie. Ek wou net ook mooi met mooi hare en rooi lippe wees.

Na ma vir 'n baie lang tyd gebid het, het ek nog steeds gehuil en sy het my na my kamer toe gestuur. Ek het maar in my boeke na my prinsesse gaan soek maar hulle was lelik,

hulle goue hare het soos gras gelyk en hulle het net aan die einde van elke storie 'n bietjie geglimlag, so asof hulle nie regtig 'n prinses wou wees nie. Toe pa daardie middag van die werk afgekom het, het ma hom ingewag en hulle het dadelik op mekaar begin skree. Ek kon hoor hoe ma se stem hoër en hoër gegil het, terwyl pa sy vuiste op die tafel geslaan het. En toe was dit ewe skielik doodstil. Ek kon die voëltjies buite in die tuin hoor en ver weg het die trein se fluitjie my gesê dit was tyd vir aandete. Ek was nie honger nie.

Pa het na my kamer toe gekom en vir my jammer gesê. Hy het 'n baie lang tyd gepraat oor die Bybel en sonde en versoeking en die duiwel en ander vrouens. Ek het hom nie onderbreek nie, en net aan die einde vir hom gevra of ek die prinses-tannies weer sou sien. Hy het gesê dit was beter as ek nie weer aan hulle sou dink nie. Ek moes maar eerder net van my storieboek-prinsesse hou. Daar was nie aandete daardie aand nie en die volgende oggend het ek langs pa op die bank gaan lê. Ma was nog steeds gryswit-kwaad en het my skool-toebroodjies hard in my tas gegooi. Sy het nie 'n woord met pa gepraat nie en nie eers vir hom soos elke ander oggend koffie gemaak nie. Terwyl hy in die stort was het sy my hare gekam en elke keer as ek gekla het oor sy dit getrek het, het sy net die borsel nog harder teen my kopvel gedruk. Sy het vir my soos die heks gelyk wat vir Doringrosie getoor het. Sy het my by die skool gaan aflaai en my nie soos gewoonlik 'n nat soen gegee nie. Ek het by die skoolhek bly staan tot die klok gelui het.



## Die man en die maan

Hy wag elke aand tot hy die stadige asemhaling van sy slapende vrou langs hom hoor. Dan staan hy saggies op, sluip by die trap af. By die agterdeur haal hy die sleutel van bo van die kosyn af en sluit die deur met 'n stadige klik oop. Hy stoot dit versigtig na buite en loop dan vinnig deur die agterplaas tot by die klein swart houthekkie. Hy kyk op en glimlag vir haar bo in die lug. Hy is hopeloos op die maan verlief.

Toe hy deur die houthekkie glip, kyk hy op na sy donker huis en weet sy vrou het nie wakker geword nie. Hy haal skaars asem van opgewondenheid. Hy hardloop deur die veld wat aan sy agterplaas grens tot by die klein stroompie waar hy elke aand gaan lê om met haar te gesels. Sy omhels hom met haar liefde wat silwer op sy hande skyn en die wêreld om hom in 'n helder lig kleur. As sy so liggies oor sy arms streel, voel hy hoe sy slaapbroek al hoe stywer span. Dan is die afstand tussen hom en sy geliefde vir hom die ergste, maar nog steeds verklaar hy nog elke aand sy oneindige liefde aan haar. Met ywer deel hy dan sy dag se gebeure met staaltjies aan haar mee. Sy bly by hom en hy by haar tot sy stadig oor die horison verdywn. Hy stap langsamerhand in die vroeë oggendlig huistoe terwyl hy elke tree of wat eers omdraai en nog 'n soen vir haar blaas, nog 'n sekonde langer na haar kyk of hom verbeel dat sy agter hom aangekom het.

Party aande wag sy nie vir hom by die stroompie nie, dan moet hy haar net van 'n afstand af bewonder, want op daardie aande wat sy so ver van hom is weet hy dat sy tog maar net die kat-en-muis speletjie met hom speel. Die enkele aande wat sy glad nie opdaag nie of deur die wolke uit jaloesie weerhou word om na hom toe te kom, skree hy sy stem hees teen die onregverdigheid daarvan. Hy gil wanhopig tot die daglig hom huistoe stuur.

Vir maande lank sluip hy al elke oggend terug, sluit die deur weer saggies agter hom toe en loop dan versigtig by die trappe op. Hy lig stil-stil die deken aan sy kant van die bed en klim langs sy slapende vrou in, pynlik bewus van die stilte tussen hulle. Hy doen baie moeite om haar nie wakker te maak deur te hard aan die bed te stamp of per ongeluk aan haar te raak nie.

Maar omdat hy nooit meer behoorlik in die aande slaap nie, ly sy werk daaronder. Hy slaap voor sy rekenaar, hy kan skaars in vergaderings wakker bly en sy vrou het hom begin uitvra oor sy vuil nagklere. Sy kla as sy die wasgoed moet doen oor die grasvlekke op sy knieë en die modder aan sy broekspype. Maar nog steeds kan hy die maan nie ignoreer nie. Dis asof hy sy dae in 'n beswyming deurbring en eers deur haar

liefkosings werklik wakker gemaak word. Hy kry waarskuwings by die werk en sy vrou skree op hom. Sy huil in die bad as sy dink hy kan haar nie hoor nie.

Elke keer as hy na sy vrou toe wil gaan, as die skuldgevoel oor haar sy hart roer, sien hy sy maan teen die vensterruit blink. Sy wink hom elke aand buitentoe en hy staan magteloos teenoor haar bekoring. Sy vrou weet nie dat hy in die aande by die huis uitsluit om by sy geliefde te wees nie. Hy maak sy vrou wys dat hy slegs in die aande vry kan wees, sy ruk haar skouers op, tog pleit sy soms by hom om tot sy sinne te kom. Om in die aande langs haar te bly en te slaap. Hy bewaar sy geheim diep in sy hart want sy vrou verstaan nie hoe dit voel om vir iemand so onwrikbaar lief te wees nie.

Sy vrou kul hom in dokters en terapeute se spreekkamers in. Sy pleit voor hulle met trane en verduidelikings. Hulle gee haar hoop in die vorm van stapels pille wat sy in die aande in sy keelgat afdwing. Hy drink sy pille, ignoreer die dokters en terapeute met die vals glimlagte en wag tot hy sy vrou se reëlmatige asemhaling hoor voor hy weer by die trappe af uitsluit stroompie toe. Sy vrou smeek by die dokters om sy onthalwe vir briewe en verskonings en 'n uitweg. Maar sy base verstaan ook nie en na talle waarskuwings vra hulle hom maar om eerder te loop.

Hy sit nou sy dae om op die bank. Dit maak nie aan hom saak waar hy deur die dag is nie, elke oomblik wat hy vir haar wag is om met ewe. Sy vrou probeer hom deur die dag besig hou maar hy tel net die ure totdat die son sak. Sy spandeer ure op die foon en een dag is daar 'n span mense wat rondom hom besig is om te werkskaf. Sy vrou trippel ook in die huis rond. Sy het rolle en rolle materiaal wat sy rondra en sy skree ongeduldig bevele uit. Hulle maak soveel geraas dat hy buite onder die boom gaan lê en slaap.

Daardie aand word hy oudergewoonte wakker maar dit is pikdonker in die kamer. Hy merk op dat sy geliefde se lig glad nie meer in sy kamer skyn nie. Dit is so donker dat hy skaars sy hand voor sy oë kan sien. Hy sluit versigtiger as gewoonlik by die trappe af. Die sleutel vir die agterdeur is nog steeds bo-op die kosyn, maar dit sluit nie meer die deur oop nie. Die sleutel en die slot pas nie meer bymekaar nie. Hy hamer aan die deur en skree en skree. Sy vrou kom agter hom by die trappe af en lei hom weer na hul slaapkamer toe. Hy verbeel hom hoe sy geliefde agter die donkerte lyk, maar hy weet hy sal haar nie gou weer sien nie.

## Geldliefde

Hy was liewer vir geld as vir enige iets anders in die lewe. Hy het in die aand alleen by die huis gesit en sy geld getel. Na sy eenvoudige aandete: rys, vleis en aartappels, het hy die koffer met al sy geld onder sy bed uitgehaal. Dan het hy die geld noukeurig by die tafel gesit en tel met sy sakrekenaar en sy swart notaboekie wat hy in sy hemp se sak gedra het. Deur die dag het sy tone van die lekker omgekrul as hy in sy notaboekie van sy baie geld gelees het. Deur die dag het hy 'n maatskappy se geld getel maar dit was nie vir hom so lekker soos om sy eie geld te tel nie. As hy klaar sy geld getel het, het hy weer die koffer met die groot silwer slot toegesluit en gaan slaap. In sy drome was hy omring deur dit wat hom die gelukkigste in die lewe gemaak het.

En toe het hy een aand net daar aan tafel bly sit. Sy liggaam het van die ontbindingsgasse opgeswel en drie dae later toe daar brommers by sy huis se vensters begin uitpeul het, het sy bure en die mense in die straat die slegte reuk opgemerk. Toe die polisie sy voordeur oopgebreek het, het hulle hom daar by sy tafel aangetref, vooroor gebuk met sy stapels geld wat orals om hom gestrooi gelê het. Hulle was eerste om van die stapels kontant ongemerk in hulle sakke te steek.

Nuuskierige bure het ingeloer. Die bedelaars wat hom voorheen in die straat voorgekeer het, het ook opmerlik hoopvol ingesluip. Die man se fortuin het ongemerk so stuk-stuk sy huis verlaat. In sy testament het hy geskryf dat al sy geld saam met hom begrawe moes word, maar al wat sy prokureur van sy fortuin kon opspoor was 'n groen checkerssak met 'n handjievul vyfrande in.

**In Polite Society**

A thesis submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

**Antoinique van Staden**

November 2015



## Abstract

This bilingual collection of short stories combines the fairy tale form and the Bizarro genre to explore the value system ingrained in me at a very early age via my conservative Afrikaans upbringing. To my mind the four characteristics of the fairy tale form as identified by Kate Bernheimer (in her path-breaking essay “Fairy Tale is form, Form is Fairy Tale”) namely flatness, abstraction, intuitive logic and normalized magic, also apply to the Bizarro genre. This intersection is exemplified by some of Bernheimer's own fiction, as well as the fiction of Aimee Bender and Lucy Corin, among others, all of whom have influenced my writing.



## Contents

Caveat Lector.....	9
Grandmother's jam.....	13
A mother's love.....	15
Mother's day.....	19
Lessons learned from my father.....	23
Fairy Godmother.....	25
Invisible.....	29
My brain.....	31
